

**‘n VERGELYKING VAN RESULTATE TUSSEN DIE MURPHY-MEISGEIER TYPE
INDICATOR FOR CHILDREN EN DIE MURPHY-MEISGEIER TYPE INDICATOR FOR
CHILDREN – REVISED OP ‘n GROEP TWEETAALLEERDERS**

**June Wendy Christoline Wyngaard
B.A. (Hons), D.S.R.O**

Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van

**Magister in die Opvoedkunde
(Opvoedkundige Sielkunde: Internopleiding)**



**aan die
Universiteit van Stellenbosch**

Studieleier: Dr A.E van Heerden

Julie 2000

VERKLARING

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vorentoe in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie

J.W.C Wyngaard

OPSOMMING

Die oorkoepelende doelwit van 'n geherstrukturerde onderwysstelsel waartoe die Regering van Nasionale Eenheid verbind is, is om elke leerder die geleentheid te bied om as individu tot sy/haar volle potensiaal te ontwikkel. Hierdie doelwit behels 'n noukeurige insig in en begrip vir die persoonlikheidsfunksionering van elke leerder, wat die opvoeder in staat sal stel om elke leerder se onderwysbehoefte te identifiseer en op relevante wyse aan te spreek. 'n Behoeftes wat dus hieruit voortvloei is aan inligting wat dit vir opvoeders moontlik sal maak om hul prioriteite, onderrigmetodes en strukturering van onderrigmateriaal aan te pas om elke leerder in hul klasse te akkommodeer.

Hierdie behoefte het aanleiding gegee tot 'n omvattende navorsingsprojek wat deur die Departement Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch onderneem is. 'n Amerikaanse persoonlikheidsmeetinstrument, die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children (MMTIC), maak deel uit van die navorsingsprojek. Hierdie meetinstrument identifiseer persoonlikheidstipes in kinders en werp lig op verskeie aspekte wat daarmee gepaard gaan soos: waar kinders neig om hul energie te fokus, hoe kinders inligting verkry, op watter wyse hulle besluite neem en oordele fel, asook hoe kinders hul tot die eksterne wêreld oriënteer. Hierdie inligting is veral waardevol aangesien dit inligting oor leer- en kommunikasiestyle verskaf.

Die MMTIC is reeds vir meer as 'n dekade in die Verenigde State in gebruik, en in 'n poging om hierdie meetinstrument universeel en oor kultuurgrense heen meer bruikbaar te maak, is die samestellers in 'n proses om 'n hersiene weergawe te ontwikkel, waarvan die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children – Revised (MMTIC-R) 'n voorlopige vorm is. As deel van die ontwikkelingsproses van die hersiene weergawe moet daar onder andere bepaal word hoe dit vergelyk met die MMTIC in terme van die aspekte van persoonlikheid wat dit meet.

In hierdie ondersoek word die resultate van 'n bepaalde groep leerders op beide die meetinstrumente met mekaar vergelyk ten opsigte van persoonlikheidstipes, persoonlikheidstipevoorkeure, temperamentstipes, funksie- en houdingspaarvoorkeure. Korrelasie tussen die vier afsonderlike skale vir die ondersoekgroep op die twee

meetinstrumente, asook die vlakke van betroubaarheid vir albei meetinstrumente word ook vergelyk.

Aangesien die bruikbaarheid van die hersiene weergawe oor kultuurgrense heen 'n prioriteit is, is 'n groep Xhosa sprekers in 'n Engelsmedium laerskool as kandidate vir die ondersoekgroep geselekteer. Die ondersoekgroep (N=162) is verteenwoordigend van seuns en meisies tussen die ouderdomme 10 en 13 jaar.

Die SAS-sisteem is vir die statistiese verwerking van die data in die ondersoek gebruik en twee stelle resultate, beskrywend van die ondersoekgroep self en van die meetinstrumente afsonderlik, is gelewer. Die resultate dui daarop dat beide meetinstrumente dieselfde aspekte van persoonlikheid meet. Die resultate dui egter daarop dat daar 'n statistiese verband op slegs twee van die vier skale afsonderlik is, en behoort dus verder ondersoek te word. Alhoewel die resultate vir die beskrywende statistiek dui op 'n hoër vlak van betroubaarheid op die MMTIC-R as op die MMTIC, voldoen albei meetinstrumente tegnies aan die statistiese vereistes van 'n goeie meetinstrument.

Die implikasies van die bevindings is waardevol vir die opvoedings- en onderrigpraktyk, en word bespreek.

SUMMARY

The primary purpose of a restructured educational system in South Africa, to which the Government of National Unity has committed itself, is to provide every learner with the opportunity to develop to his/her full potential. This implies insight into and understanding of the personality functioning of learners, which would enable educators to determine their learners' educational needs and address these in a relevant way. A need that resulted from this was to supply educators with information that would enable them to readdress their priorities, methods of instruction and structuring of educational material in order to accommodate all learners in their classes.

This need gave rise to a research project undertaken by the Department of Educational Psychology at the University of Stellenbosch. An American personality questionnaire, the Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children (MMTIC) forms part of this research project. This instrument identifies personality types in children and sheds light on various aspects related to personality type which include: where children are likely to focus their energy, how they perceive information, how they make decisions and how they orient themselves to their external world. This information is especially valuable as it accesses a learner's learning- and communication styles.

The MMTIC has been in use in the United States for more than a decade. In an effort to render this instrument universally and across cultural boundaries useful, the compilers are in a process of developing a revised version, of which the Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children-Revised (MMTIC-R) is the provisional form. As part of the developing process of the revised version, it is necessary to determine whether the MMTIC-R measures the same aspects of personality as the MMTIC.

Consequently the results yielded by the MMTIC and MMTIC-R on a group of learners are compared in terms personality types, personality type preferences, temperamental types, function- and attitude pair preferences. Correlation between the four scales for the research group on the two instruments, as well as the levels of reliability for both instruments are also compared.

As the usefulness of the MMTIC-R across cultural boundaries is a priority, a group of Xhosa speaking learners from an English-medium primary school were selected as candidates for the research group. The research group (N=162) was representative of boys and girls between the ages of 10 and 13 years.

The SAS system was used for the statistic computation of the data, and two sets of results, descriptive of the research group and of the two instruments were obtained. The results indicated that both the MMTIC and MMTIC-R measure the same aspects in terms of personality types, personality type preferences, temperamental types, function- and attitude pair preferences. The results however indicated statistical correlation on only one of the four scales of both instruments, which requires further investigation. Although the results for the descriptive statistics showed a higher level of reliability for the MMTIC-R than the MMTIC, both instruments fulfil the requirements for a good psychometric instrument.

The educational and teaching implications are valuable, and are discussed.

Haiku

Child, give me your hand
That I may walk in the light
Of your faith in me.

Hannah Kahn

DANKBETUIGINGS

Hiermee wil ek graag die volgende persone, sonder wie se hulp, leiding en ondersteuning hierdie werkstuk nie moontlik sou wees nie, bedank:

- My studieleier, dr Anne van Heerden, vir haar leiding en ondersteuning
- Dr H Nel vir haar hulp met die statistiese verwerking van die empiriese data
- Amanda de Stadler vir die taalversorging
- Emiley Herbst en Beverley Jones vir die tikwerk
- Adiel Ceres vir raad en advies ten opsigte van rekenaarinstallering en –opleiding
- Carina en my mede-studente vir volgehoue belangstelling en aansporing
- Die leerders en personeel van Mandalay Primary School, Mitchell's Plain
- Rowan en Aliocha met wie ek graag die voltooiing van hierdie werkstuk sou wou deel
- My ouers en suster vir volgehoue ondersteuning
- God, my Vader, vir krag en genade

Opgedra aan Jeandré, Joshwin en Kimberley

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
HOOFSTUK 1		
AKTUALITEIT, PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLING		
1.1	AKTUALITEIT VAN DIE ONDERSOEK	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	3
1.3	DOELSTELLING	3
1.4	NAVORSINGSONTWERP	4
1.4.1	Literatuurstudie	4
1.4.2	Empiriese ondersoek	4
1.5	BEGRIPSOMSKRYWING	5
1.5.1	Persoonlikheid	5
1.5.2	Persoonlikheidstrekke	5
1.5.3	Die Myers-Briggs Type Indicator	5
1.5.4	Persoonlikheidstipe	5
1.5.5	Persoonlikheidstipevoorkeure	6
1.5.6	Die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children	6
1.5.7	Die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children – Revised	6
1.5.8	U-bandtellings	7
1.5.9	Tweede-taalleerders	7
1.6	STRUKTUUR VAN AANBIEDING	7

HOOFSTUK 2**DIE SAMESTELLING VAN PERSOONLIKHEID**

2.1	DIE TEORIE VAN C.G JUNG	8
2.1.1	Die struktuur van persoonlikheid	8
2.1.1.1	Die ego	9
2.1.1.2	Die persoonlike onbewuste	9
2.1.1.3	Die kollektiewe onbewuste	9
a)	Instinkte	10
b)	Argetipes	10
i)	Die persona	10
ii)	Die anima en animus	10
iii)	Die skadu	11
iv)	Die self	11
2.1.1.4	Samevatting	12
2.1.2	Die dinamiek van persoonlikheid	12
2.1.2.1	Die beginsel van ekwivalensie	12
2.1.2.2	Die beginsel van entropie	12
2.1.2.3	Die beginsel van progressie en regressie	13
2.1.2.4	Die beginsel van sublimasie en repressie	13
2.1.2.5	Samevatting	13
2.1.3	Die ontwikkeling van persoonlikheid	14
2.1.3.1	Individuasie	14
2.1.3.2	Transendensie	14
2.1.3.3	Samevatting	14
2.1.4	Die ontwikkelingsfases	15

	Bladsy	
2.1.4.1	Die pre-seksuele periode	15
2.1.4.2	Pre-puberteit	15
2.1.4.3	Puberteit	15
2.1.4.4	Jeug	16
2.1.4.5	Middellewensfase	16
2.1.4.6	Bejaardheid	16
2.1.5	Persoonlikheidstipes	16
2.1.5.1	Jung se tipologie	17
2.1.5.2	Houdings	17
i)	Ekstroversie (E)	17
ii)	Introversie (I)	18
2.1.5.3	Funksies	18
i)	Die dominante funksie	19
ii)	Die hulpfunksie	19
iii)	Die tersiêre funksie	19
iv)	Die inferieure of ondergeskikte funksie	20
2.1.5.4	Jung se persoonlikheidstipes	20
2.1.5.5	Jung en opvoeding	21
i)	Die ouer as rolmodel	21
ii)	Die rol van die opvoeder	21
iii)	Die rol van die samelewing	22
2.1.6	Evaluering van Jung se teorie	22
2.2	SAMEVATTING	23

HOOFSTUK 3**PERSOONLIKHEIDSMETING**

3.1	INLEIDING	24
3.2	Die Myers-Briggs Type Indicator (MBTI)	24
3.2.1	Die doel, ontwikkeling en samestelling van die MBTI	24
3.2.2	Bepaling van die dominante en hulpfunksies	26
3.2.3	Die 16 persoonlikheidstipes	26
3.2.3.1	Bespreking van die 16 persoonlikheidstipes	27
3.2.3.2	Ander voorkeurtipekombinasies	35
i)	Die temperamentstipes	35
ii)	Die funksie- en houdingspare	36
3.2.4	Tegniese beskrywing van die MBTI	38
3.2.5	Evaluering van die MBTI	39
3.3	DIE MURPHY-MEISGEIER TYPE INDICATOR FOR CHILDREN	39
3.3.1	Inleiding	39
3.3.2	Die doel van die MMTIC	40
3.3.3	Die samestelling van die MMTIC	40
3.3.4	Beskrywing van die MMTIC	41
3.3.5	Die nasiensistiem van die MMTIC	43
3.3.6	Betroubaarheid en geldigheid van die MMTIC	44
3.3.6.1	Betroubaarheid van die MMTIC	44
i)	Interne konstantheid en subgroepbetroubaarheid	44
ii)	Toets-hertoetsbetroubaarheid	44
3.3.6.2	Kriteriumgeldigheid van die MMTIC	45
i)	Die Children's Personality Questionnaire (CPQ)	45

	Bladsy
ii) Die Learning Preference Inventory (LPI)	45
iii) Die Learning Pattern Assessment (LPA)	45
3.3.6.3 Inhoudsgeldigheid van die MMTIC	46
3.3.7 Tekortkominge van die MMTIC	46
3.3.8 Die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children – Revised	47
3.4 SAMEVATTING	48

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1	Inleiding	49
4.2	Doel van die ondersoek	49
4.3	Die ondersoekgroep	49
4.4	Die ondersoekprosedure	50
4.5	Statistiese prosedure en tegnieke	50
4.5.1	Die Chi-kwadraatstatistiek (χ^2)	51
4.5.2	Die Pearson produkmoment-korrelasiekoëffisiënt (r)	51
4.5.3	Spearman se rangordekorrelasie (ρ)	51
4.5.4	Die McNemar-toets	52
4.5.5	Faktorontleding	52
4.6	Geldigheid	52
4.7	Betroubaarheid	52
4.8	Samevatting	53

HOOFSTUK 5**RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK**

5.1	INLEIDING	54
5.2	BESKRYWENDE STATISTIEK VAN DIE ONDERSOEKGROEP	54
5.2.1	Vergelyking van persoonlikheidstipes van die ondersoekgroep op die MMTIC en MMTIC-R (U-bandkategorie uitgesluit)	54
5.2.1.1	Inleiding	54
5.2.1.2	Vergelyking van persoonlikheidstipevoorkeure van die ondersoekgroep op die MMTIC en MMTIC-R (U-band kategorie ingesluit)	55
5.2.1.3	Vergelyking van persoonlikheidstipevoorkeure van die ondersoekgroep op die MMTIC en MMTIC-R waar geen of slegs een ongedifferensieerde voorkeur op enige van die vier skale voorkom	56
5.2.1.4	Persoonlikheidstipevoorkeure op die vier skale afsonderlik soos aangedui op beide die MMTIC en MMTIC-R (U-Band kategorie ingesluit)	57
5.2.1.5	Die vier temperamentstipes volgens die MMTIC en MMTIC-R	58
5.2.1.6	Die vier funksiepare volgens die MMTIC en MMTIC-R	59
5.2.1.7	Die vier houdingspare volgens die MMTIC en MMTIC-R	59
5.2.1.8	Samevatting	60
5.2.2	Die korrelasie tussen die response van die ondersoekgroep op die vier skale van die MMTIC en MMTIC-R	60
5.2.2.1	Inleiding	60
5.2.2.2	Pearson korrelasiekoëffisiënt	61
5.2.2.3	Die McNemar-toets	61

Bladsy

5.2.2.3.1	Die frekwensieverspreiding van tellings op die EI skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep	62
5.2.2.3.2	Die frekwensieverspreiding van tellings op die SN skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep	63
5.2.2.3.3	Die frekwensieverspreiding van tellings op die TF skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep	64
5.2.2.3.4	Die frekwensieverspreiding van tellings op die JP skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep	65
5.2.2.3.5	Samevatting	65
5.3	BESKRYWENDE STATISTIEK VAN DIE MMTIC EN MMTIC-R	
5.3.1	Item-tot-skaalkorrelasies	66
5.3.1.1	Die MMTIC	66
5.3.1.2	Die MMTIC-R	67
5.3.1.3	Samevatting	69
5.3.2	Voorkeurskaal-interkorrelasies van die MMTIC en MMTIC-R	69
5.3.2.1	Inleiding	69
5.3.2.2	Voorkeurskaal-interkorrelasies op die MMTIC	69
5.3.2.3	Voorkeurskaal-interkorrelasies op die MMTIC-R	70
5.3.2.4	Samevatting	70
5.3.3	Gemiddelde en standaardafwykings	70
5.3.4	Faktorontleding	71
5.3.5	Interne konstantheid van die MMTIC en MMTIC-R	72

5.4	SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS	72
-----	------------------------------	----

HOOFSTUK 6

BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS, IMPLIKASIES EN AANBEVELINGS

6.1	BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS	73
6.1.1	Inleiding	73
6.1.2	Vergelyking van persoonlikheidstipes op die MMTIC en MMTIC-R soos aangedui deur die ondersoekgroep	73
6.1.3	Vergelyking van voorkeure vir temperamentstipes, funksie- en houdingspare op die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep	74
6.1.4	Vergelyking van response van die ondersoekgroep op die vier skale afsonderlik (U-bandkategorie ingesluit) op die MMTIC en MMTIC-R	74
6.1.5	Geldigheid van die MMTIC en MMTIC-R	74
6.1.6	Betroubaarheid van die MMTIC en MMTIC-R	74
6.1.7	Beskrywende statistiek van die MMTIC en MMTIC-R	74
6.1.8	Samevatting	75
6.2	OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES	75
6.2.1	Inleiding	75
6.2.2	Voorsiening vir tipe-onderrig vir die oorheersende persoonlikheidstipe soos aangedui deur die ondersoekgroep op albei meetinstrumente	76

Bladsy

6.2.2.1	Die oorheersende persoonlikheidstipe en die opvoedkundige praktyk	76
6.2.2.2	Die oorheersende temperamentstipe, funksie- en houdingspare en die opvoedkundige praktyk	77
6.2.2.3	Samevatting	78
6.3	LEEMTES IN DIE ONDERSOEK	79
6.4	AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING	79
6.5	SLOTPERSPEKTIEF	80
	BRONNELYS	82

LYS VAN TABELLE

	Bladsy
Tabel 2.1: Jung se agt persoonlikheidstipes	20
Tabel 3.1: Die sestien persoonlikheidstipes van die MBTI	27
Tabel 4.1: Verdeling van leerders volgens geslag en graad	49
Tabel 4.2: Verdeling van ondersoekgroep volgens geslag	50
Tabel 5.1: Frekwensieverspreiding van die ondersoekgroep vir die 16 persoonlikheidstipes volgens die MMTIC en MMTIC-R (U-bandkategorie uitgesluit)	54
Tabel 5.2: Frekwensieverspreiding van persoonlikheidstipes van die ondersoekgroep (U-Bandkategorie ingesluit) volgens die MMTIC en MMTIC-R	55
Tabel 5.3: Persoonlikheidstipevoorkeure van die ondersoekgroep soos aangedui op die MMTIC (U-Band kategorie ingesluit)	56
Tabel 5.4: Persoonlikheidstipevoorkeure van die ondersoekgroep soos aangedui op die MMTIC-R (U-Bandkategorie ingesluit)	56
Tabel 5.5: Frekwensieverspreiding van voorkeure op die vier skale vir die ondersoekgroep soos aangedui op die MMTIC (U-Bandkategorie ingesluit)	57
Tabel 5.6: Frekwensieverspreiding van voorkeure op die vier skale vir die ondersoekgroep soos aangedui op die MMTIC-R (U-Bandkategorie ingesluit)	58

Tabel 5.7:	Die frekwensie van voorkeure vir die vier temperamentstipes van die ondersoekgroep volgens die MMTIC en MMTIC-R (U-Bandkategorie uitgesluit)	59
Tabel 5.8:	Die frekwensieverspreiding van die vier funksiepare van die ondersoekgroep volgens die MMTIC en MMTIC-R (U-Bandkategorie uitgesluit)	59
Tabel 5.9:	Die frekwensie van voorkeure vir die vier houdingspare van die ondersoekgroep volgens die MMTIC en MMTIC-R (U-Bandkategorie uitgesluit)	60
Tabel 5.10:	Korrelasie tussen die routellings op elk van die vier skale op die MMTIC en MMTIC-R	61
Tabel 5.11:	Frekwensieverspreiding van tellings op die EI skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep (U-bandkategorie ingesluit)	62
Tabel 5.12:	Frekwensieverspreiding van tellings op die SN skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep (U-Band kategorie ingesluit)	63
Tabel 5.13:	Frekwensieverspreiding van tellings op die TF skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep (U-bandkategorie ingesluit)	64
Tabel 5.14:	Frekwensieverspreiding van tellings op die JP skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep (U-bandkategorie ingesluit)	65

Bladsy

Tabel 5.15:	Die hoogste en laagste waardes van die item-tot-skaal-Spearman korrelasiekoëffisiënt per tipevoorkeurskale vir die MMTIC	66
Tabel 5.16:	Die hoogste en laagste waardes van die item-tot-skaal-Spearman korrelasiekoëffisiënt per tipevoorkeurskale vir die MMTIC-R	67
Tabel 5.17:	Interkorrelasies van die voorkeurtellings op die MMTIC	69
Tabel 5.18:	Interkorrelasies van die voorkeurtellings op die MMTIC-R	70
Tabel 5.19:	Gemiddelde en standaardafwykings vir elk van die vier skale op die MMTIC en MMTIC-R	70
Tabel 5.20	Ladings op die vier faktore van die MMTIC	71
Tabel 5.21	Ladings op die vier faktore van die MMTIC-R	71

LYS VAN FIGURE

Bladsy

Figuur 2.1: 'n Skematiese voorstelling van Jung se model van die psige	8
--	---

HOOFSTUK 1

AKTUALITEIT, PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN NAVORSINGSONTWERP

1.1 AKTUALITEIT VAN DIE ONDERSOEK

Suid-Afrika is sedert 1994 gewikkel in 'n proses van transformasie in feitlik alle sferes van die samelewing. Die onderwysstelsel het 'n fokuspunt geword omdat dit jong kinders voorberei om eendag hul plek as produktiewe volwassenes in die samelewing vol te staan. Die Regering van Nasionale Eenheid is dus onomwonde verbind tot die herstrukturering van onderwys.

Hierdie herstrukturering is vervat in 'n nuwe kurrikulum, naamlik Kurrikulum 2005, waarvan die oorkoepelende doelwit is om alle kinders die geleentheid te bied om tot hul volle potensiaal as aktiewe en verantwoordelike Suid-Afrikaanse burgers te ontwikkel. ¹Opvoeders en navorsers meen dat hierdie opvoedingstelsel kinders sal bemagtig om 'n konstruktiewe rol in 'n demokratiese, nie-rassige en gelyke samelewing te speel.

Volgens opvoedkundiges lei die fisiese, emosionele en kognitiewe ontwikkeling van die kind in sy totaliteit tot 'n gebalanseerde persoonlikheid wat hom toerus met die nodige lewensvaardighede (Department of Education: Policy Document, 1997: 4). Hiervan kan afgelei word dat 'n noukeurige kennis van persoonlikheidsontwikkeling, asook ander verwante aspekte daarvan, beskou word as 'n integrale deel of grondslag van die opvoedingsproses. Hierdie kennis kan opvoeders in staat stel om die leerder se funksionering beter te begryp, en op grond daarvan sy skolastiese behoeftes te bepaal en op relevante wyse aan te spreek.

Carl G. Jung se tipe-teorie, wat spesifiek klem lê op individuele verskille, word beskou as een van die waardevolste teorieë in terme van persoonlikheidsontwikkeling en funksionering. 'n Belangstelling in die ontwikkeling en individualiteit van mense het Katherine Briggs en Elizabeth Myers bewus gemaak van Jung se teorie wat hulle later as grondslag vir die ontwikkeling van die Myers-Briggs Type Indicator (MBTI) vir volwassenes gebruik het. Hierdie meetinstrument word gebruik om volwassenes se persoonlikheidstipes te identifiseer

en die toepassingsmoontlikhede daarvan strek verder as slegs insig in individuele verskille. Vandag word die MBTI in verskeie lande in die wêreld gebruik vir onder andere: self-ontwikkeling, beroepsontwikkeling, verbetering van interpersoonlike verhoudings, akademiese voorligting, bestuurs- en leierskapsopleiding, spanbou, probleemoplossing, opvoeding, kurrikulumontwikkeling en ouerleiding.

In die vroeë tagtigerjare het kundiges in die VSA met die MBTI as basis, die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children (MMTIC) ontwikkel om ook in kinders individuele verskille uit te wys deur hul persoonlikheidstipes te identifiseer. Volgens die samestellers, Elizabeth Murphy en Charles Meisgeier (1987), help inligting oor persoonlikheidstipe binne skoolverband die opvoeder om insig in en begrip vir die volgende aspekte in sy leerders se funksionering te kry: i) waarop die leerders neig om hul energie te fokus, ii) hoe die leerders inligting verkry, iii) op watter wyse die leerders besluite maak en oordele fel, en iv) hoe leerders hul tot die eksterne wêreld orienteer. Met behulp van hierdie inligting is die opvoeder dus in staat om sy leerders se leer- en kommunikasiestyle te identifiseer en op relevante wyse te akkommodeer.

Hierdie meetinstrument word egter reeds vir meer as 'n dekade in die VSA gebruik en in 'n poging om die meetinstrument tydrelevant, universeel en oor kultuurgrense heen bruikbaar te maak, is die samestellers in 'n proses om 'n hersiene weergawe (MMTIC-R) te ontwikkel. Volgens dr. Murphy (in 'n persoonlike gesprek in Desember 1997) is die bruikbaarheid oor kultuurgrense heen veral 'n prioriteit in die hersiene weergawe.

Die MMTIC blyk moontlikhede in te hou vir die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel in terme van die doelstellings soos bepaal in Kurrikulum 2005. Dit stel nie slegs die opvoeder in staat om insig in en begrip vir sy leerders se persoonlikheidstipes, leer- en kommunikasiestyle te verkry nie, maar ook om voorsiening te maak vir relevante studiemateriaal, die strukturering daarvan, sowel as die aanpassing van sy onderrigmetodes. Die MMTIC is egter nog nie amptelik gefinaliseer ten opsigte van standaardisasie op die Suid-Afrikaanse populasie en vertaling in die onderskeie landstale nie en word dus nog nie in die algemeen in praktyk toegepas nie.

¹ Die term opvoeder verwys in hierdie werkstuk primêr na die onderwyser.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die oorkoepelende doelwit van die geherstruktureerde onderwysstelsel in Suid-Afrika soos vervat in Kurrikulum 2005, is om leerders die geleentheid te bied om as individue tot hul volle potensiaal te ontwikkel. Om hierdie doelwit te verwesenlik is dit belangrik dat opvoeders ook oor inligting beskik aangaande leerders se persoonlikheidsfunksionering. Hierdie inligting kan aangewend word om beter begrip te kry vir, onder andere, leerders se leer- en kommunikasiestyle, vir hul probleemoplossingsvaardighede, asook vir wyses waarop hulle inligting verkry en om sodoende hul behoeftes op relevante wyse aan te spreek.

Die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children is uiteraard 'n geskikte meetinstrument wat opvoeders kan voorsien van bogenoemde persoonlikheidsfunksioneringsvoorkeure. Die MMTIC is egter in 'n proses van hersiening in die VSA. Die hersiene weergawe van die meetinstrument, die MMTIC-R, is met goedkeuring van die samestellers beskikbaar gestel vir Suid-Afrikaanse navorsing. As deel van die verfyningsproses moet daar egter eers bepaal word of daar ooreenstemming of verskille is tussen die MMTIC en MMTIC-R ten opsigte van die aspekte wat albei meet, sowel as die vlak van betroubaarheid en geldigheid vir albei meetinstrumente. Derhalwe word die resultate van die MMTIC en MMTIC-R op 'n bepaalde groep leerders in hierdie ondersoek met mekaar vergelyk.

1.3 DOELSTELLING

Die primêre doel van hierdie ondersoek is om die resultate van die MMTIC en die MMTIC-R te vergelyk soos van toepassing op 'n groep tweedetaalleerders deur spesifiek na die volgende doelstellings te kyk:

- 1.3.1 'n Vergelyking van persoonlikheidstipes soos bepaal deur die MMTIC en MMTIC-R
- 1.3.2 'n Vergelyking van persoonlikheidstipevoorkeure soos bepaal deur die MMTIC en MMTIC-R
- 1.3.3 'n Vergelyking van temperaments-, houdings- en funksiepaarvoorkeure soos bepaal deur die MMTIC en MMTIC-R.

1.3.4 'n Vergelyking van U-bandklassifikasies op albei meetinstrumente

1.3.5 'n Vergelyking van korrelasies tussen die vier skale afsonderlik vir die ondersoekgroep op die MMTIC en MMTIC-R

1.3.6 'n Vergelyking van die geldigheid en betroubaarheidsvlakke van albei meetinstrumente

1.3.7 Die opvoedkundige implikasies van hierdie inligting

1.4 NAVORSINGSONTWERP

1.4.1 Literatuurstudie

- Aspekte van C.G. Jung se persoonlikheidsteorie relevant tot hierdie ondersoek.
- 'n Kernagtige bespreking van die ontwikkeling, samestelling en doel van die Myers Briggs Type Indicator (MBTI) waarop die MMTIC en MMTIC-R gebaseer is.
- Die ontwikkeling, samestelling en rasionaliteit van die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children.

1.4.2 Empiriese ondersoek

In hierdie ondersoek word die resultate van twee persoonlikheidstipemeetinstrumente, die MMTIC en MMTIC-R, vergelyk ten opsigte van persoonlikheidstipes, persoonlikheidstipe - voorkeure, temperaments-, funksie- en houdingsvoorkeure, met verwysing na U-band klassifikasies. Die hoofdoel is dus om te bepaal hoe hierdie twee meetinstrumente met mekaar vergelyk ten opsigte van die bogenoemde aspekte wat dit meet.

Die ondersoekgroep bestaan uit 162 tweedetaalleerders (Xhosa sprekers) in 'n Engels-medium laerskool in die Wes-Kaap. Die ondersoekgroep is verteenwoordigend van seuns ($n = 66$) en meisies ($n = 96$) tussen die ouderdomme 10 en 13 jaar.

Die navorsingsmetode en ondersoekprosedure word in Hoofstuk 4 breedvoerig bespreek.

1.5 BEGRIPSOMSKRYWING

1.5.1 Persoonlikheid

Alhoewel daar tans nog geen eenstemmigheid oor die definisie van persoonlikheid bestaan nie, is een van die meer aanvaarbare en omvattende definisies tot dusver dié van Gordon Allport. Hierdie definisie stipuleer dat persoonlikheid die min of meer stabiele organisasie van 'n persoon se emosionele, konatiewe, intellektuele en konseptuele, asook fisiologiese gedrag is wat tot 'n meerdere mate sy aanpasbaarheid by sy omgewing bepaal (Mittler, 1974: 83).

1.5.2 Persoonlikheidstrekke

Persoonlikheidstrekke word deur Allport (in Meyer, Moore & Viljoen, 1989: 334) beskryf as disposisies of neurologiese strukture wat reflekse, gewoontes, houdings, waardes en behoeftes eie aan elke individu insluit.

1.5.3 Die Myers-Briggs Type Indicator

Die Myers-Briggs Type Indicator (MBTI) is 'n selfevalueringspersoonlikheidsvraelys, ontwikkel in 1962 deur Isabel Myers en haar dogter Katherine Briggs. Die instrument is gegrond op Jung se teorie en tipologiese model van persoonlikheidstipes. Die MBTI bestaan uit vier voorkeurskale, elk met twee teenstellende pole naamlik: ekstroversie (E) en introversie (I); sintuiglik (S) en intuïtief (N); denke (T) en gevoel (F); beoordelend (J) en waarnemend (P).

1.5.4 Persoonlikheidstipe

Persoonlikheidstipe verwys na 'n raamwerk waarvolgens persoonlikheidskenmerke of karaktertrekke van mekaar onderskei kan word, en waarvolgens gedrag voorspel kan word. Dit verwys dus na die wyses waarop energie gebruik word (ekstroversie/introversie); informasie waargeneem word (sintuiglik/intuïtief); hoe daar tot gevolgtrekkings gekom word (denke/gevoel) sowel as hoe die mens met die eksterne wêreld omgaan (beoordelend/waarnemend) (Quenk, 1996: 2; Meisgeier & Meisgeier, 1989: 2; Myers, 1993: 2-3).

1.5.5 Persoonlikheidstipevoorkeure

Gedurende die vroeë kinderjare kom al vier funksies tegelykertyd voor, maar namate hy ouer word, neig hy om meer aandag aan die funksie te skenk wat natuurlik vir hom voorkom. Soos die voorkeure dus te voorskyn kom en meer gevestig raak, ontwikkel die kind gedragspatrone en houdings kenmerkend van ander met dieselfde voorkeure (Briggs-Myers, 1993: 2-3; Meisgeier & Meisgeier, 1989: 8; Quenk, 1996: 2).

1.5.6 Die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children

Die MMTIC is ontwikkel en saamgestel deur Elizabeth en Charles Meisgeier. Dit is hoofsaaklik ontwikkel om individuele verskille in kinders te ondersoek. Die meetinstrument is gegrond op dieselfde teorie as die MBTI en meet dus voorkeure op dieselfde bipolêre dimensies as die MBTI. Die MMTIC is gerig op leerders vanaf graad 2 tot graad 8. Die meetinstrument kan egter voorgelees word vir leerders met leesprobleme (Fourqurean, Meisgeier, Swank & Murphy, 1987: 18; Meisgeier & Murphy, 1987: 8, 18, 20).

1.5.7 Die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children - Revised

Die MMTIC-R is op presies dieselfde beginsels as die MMTIC gebaseer. Hierdie instrument is egter steeds in 'n proses van finalisering om dit universeel, oor kultuurgrense heen, bruikbaar te maak.

1.5.8 U-bandtellings

Indien 'n bepaalde funksie swak of onderontwikkel is, soos in die geval van jonger kinders, is hulle nie in staat om 'n duidelike keuse op die vier skale te maak nie en maak die MMTIC en MMTIC-R hiervoor voorsiening deur middel van U-bandklassifikasies. Waar 'n telling dus kleiner is as een standaardfout aan weerskante van die afsnypunt, word U-bandtellings toegeken (Meisgeier, Murphy & Swank, 1987: 18-19).

1.5.9 Tweedetaalleerders

In 'n multikulturele land soos Suid-Afrika gebeur dit dikwels dat leerders onderrig in 'n tweede taal ontvang. In hierdie studie verwys die tweedetaalleerders na Xhosa sprekers in 'n Engelsmedium skool.

1.6 STRUKTUUR VAN AANBIEDING

Hoofstuk 2 handel oor die teorie van Carl Jung. Daar word in besonder verwys na aspekte wat handel oor persoonlikheidsstrukture, persoonlikheidsontwikkeling en persoonlikheidstipes.

In Hoofstuk 3 word daar gefokus op persoonlikheidsmeting, met spesifieke verwysing na die MBTI en MMTIC, albei gegrond op die persoonlikheidsteorie van Jung. Daar word in besonder gekyk na die rasionaal, ontwikkeling, samestelling en toepassing van hierdie meetinstrumente.

Hoofstuk 4 word gewy aan 'n beskrywing van die ondersoekgroep, asook die prosedures gevolg gedurende die studie.

Die statistiese bewerkings, resultate en bevindings word in Hoofstuk 5 uiteengesit.

Die slothoofstuk is samevattend en sluit die implikasies van die bevindings in. Leemtes word uitgelig en aanbevelings vir verdere navorsing word gemaak.

HOOFSTUK 2

DIE SAMESTELLING VAN PERSOONLIKHEID


2.1 DIE TEORIE VAN C.G. JUNG

In sy teorie oor persoonlikheid beklemtoon Jung die strukture van persoonlikheid. Hy verwys na die dinamiek of interaksie tussen hierdie persoonlikheidsstrukture soos wat elk afsonderlik deel het in die ontwikkeling van die mens se persoonlikheid. Hy verwys ook na spesifiek twee kenmerkende prosesse van ontwikkeling naamlik transendensie en individuasie.

2.1.1 Die struktuur van persoonlikheid

Volgens Jung is die psige 'n selfregulerende sisteem wat beide bewuste en onbewuste prosesse insluit (Brooke, 1991:14). Hierdie sisteem bestaan uit verskillende interafhanklike, tog afsonderlik funksionerende persoonlikheidsstrukture, naamlik die ego, die persoonlike onbewuste, die kollektiewe onbewuste, die persona, die anima en animus, die skadu asook die self.

Die persoonlikheidsstrukture is in 'n polêre of teenstellende verhouding met mekaar, en balans word gehandhaaf deur psigiese energie wat voortdurend tussen hierdie strukture fluktueer (Fordham, 1953: 17; Meyer, Moore & Viljoen, 1989: 77). In Figuur 2.1 word 'n skematiese voorstelling van Jung se model van die psige voorgestel.



Figuur 2.1 'n Skematiese voorstelling van Jung se model van die psige.

Vervolgens word daar afsonderlik na die persoonlikheidsstrukture gekyk.

2.1.1.1 Die Ego

Die ego is vir Jung die kern van die bewuste en daarom noodsaaklik vir die ontwikkeling van persoonlikheid. Die ego-ervaring, waarna die mens as die 'ek'-ervaring verwys, spruit uit die onbewuste en sluit alle onbewuste prosesse (vergete of onderdrukte herinneringe) sowel as bewuste prosesse (sensasie, waarnemings, persepsies, gevoelens en denke) in.

Die ego funksioneer selektief, innerlik sowel as uiterlik, en word beskou as 'n tussenganger of mediator tussen die mens se bewuste en onbewuste, sy interne en eksterne realiteite (Stevens, 1990: 30).

2.1.1.2 Die persoonlike onbewuste

Elke mens se onbewuste is uniek en kan, volgens Jung, as die stoorplek van alle onderdrukte of vergete kinderlike wense, subliminale persepsies en ervarings beskou word. Die inhoud van die persoonlike onbewuste is toeganklik veral wanneer die proses van onderdrukking verswak soos gedurende slaap, waar hierdie wense, persepsies en ervarings te voorskyn kom in die vorm van drome en fantasieë.

Die persoonlike onbewuste is saamgestel uit komplekse. 'n Kompleks bestaan uit twee komponente waarvan een komponent bepaal word deur herhaaldelike persoonlike ervarings soos traumas en morele konflikte. Die tweede komponent bestaan uit argetipes wat verwys na gedragsdisposisies soos oorgedra van vorige generasies. In sy omgang met die lewe gebruik die mens hierdie komplekse as onbewuste verwysingsraamwerke, dus veronderstel Jung dat komplekse gedrag motiveer (Jung, 1928: 10; 1960: 311; Fordham, 1953: 29).

2.1.1.3 Die kollektiewe onbewuste

Volgens Jung (in Brooke, 1991: 15; Fordham, 1953: 13) is die kollektiewe onbewuste 'n universeel oorgeërfde predisposisie of bloudruk vir algemene gedragspatrone en is teenwoordig in alle mense. Dit lê op 'n dieper onbewuste vlak en is nie direk waarneembaar

nie, en manifesteer daarom ook op indirekte wyse, soos in die mitologie, volkskunde en kuns.

Die kollektiewe onbewuste bestaan uit twee komponente, naamlik instinkte en argetipes.

(a) Instinkte verwys na fisiologiese oorgeërfde impulse wat spontane gedrag determineer.

(b) Argetipes, daarenteen, verwys na ingebore psigiese neigings of intuïesies. Hierdie argetipes kom in simboliese vorm te voorskyn en beïnvloed die mens se waarnemings, gee vorm aan en dien as basis vir menslike denke (Jung, 1928: 117). Alhoewel Jung meen dat daar 'n argetipe vir elke menslike ervaring is, verwys hy spesifiek na die volgende argetipes: die persona, die skadu, die anima en animus, en die self.

i. Die persona

Volgens Jung verwys die persona na 'n masker of publieke beeld wat die mens na buite uitleef. Hierdie beeld ontwikkel na aanleiding van die rol wat die mens in die samelewing moet vervul, en weerspieël in 'n mate hoe die mens deur ander ervaar wil word (Singer, 1995: 158; Steven, 1990: 42).

Jung maan egter dat die persona nie met individualiteit verwar moet word nie, omdat 'n vereenselwiging met een bepaalde rol die ontkenning van die ander strukture van die persoonlikheid kan beteken.

ii. Die anima en animus

Volgens Jung bevat die mens se kollektiewe onbewuste beide manlike en vroulike karaktertrekke. Alhoewel hierdie stelling paradoksaal voorkom, is dit 'n algemene verskynsel om beide manlike en vroulike karaktertrekke in 'n persoon te observeer, byvoorbeeld 'n man wat toegee aan emosie, of 'n man wat sterk intuïtief is. Hierdie vroulike eienskappe dui op die anima of oorgeërfde kollektiewe beeld binne die man se kollektiewe onbewuste.

Die animus in die vrou is die teenoorgestelde van die anima in mans, en verwys na manlike eienskappe soos logika en rasionaliteit binne die vrou se kollektiewe onbewuste.

Die primêre doel van die teenwoordigheid van beide die anima en animus in die kollektiewe onbewuste van die mens is om die man of vrou in staat te stel om die teenoorgestelde geslag se natuur te verstaan en kommunikasie te fasiliteer. Mense wat hierdie teenoorgestelde eienskappe binne hulself onderdruk of ignoreer, leer volgens Jung nooit om betekenisvolle verhoudings met lede van die teenoorgestelde geslag te sluit nie (Fordham, 1953: 52; Meyer, Moore & Viljoen, 1989: 80 - 81; Stevens, 1990: 46).

iii. Die skadu

Die skadu maak deel uit van die mens se persoonlike onbewuste en verwys na 'n inferieure aspek van persoonlikheid. Dit bevat alle begeertes en emosies wat teenstrydig is met sosiale norme en die ideale persoonlikheid wat die mens vir homself wens (Fordham, 1953: 50; Singer, 1995: 165).

Die skadu is egter ook kollektief omdat dit in alle mense teenwoordig is. Dus is dit 'n onvermydelike deel van die persoonlikheid en moet die mens volgens Jung 'n manier vind om met die skadu saam te leef. Die gevaar van herhaaldelike onderdrukking lê daarin dat die skadu sterker word en vinniger groei binne die onbewuste, en dat dit gedurende 'n krisis tot die bewuste kan deurdring, en sodoende die ander persoonlikheidsstrukture mag oorweldig (Fordham, 1953: 51).

iv Die self

Vir Jung is die self die kern van die persoonlikheid. Hy vergelyk dit met 'n magneet wat sentraal in die persoonlikheidsstelsel geleë is en poog om die teenstellende persoonlikheidsstrukture in die psige te sentreer en te integreer.

Die self is nie teenwoordig by geboorte nie, maar kom te voorskyn gedurende die middeljare, wanneer die afsonderlike persoonlikheidsstrukture ten volle gedifferensieer is en die mens in 'n proses van selfaktualisering poog om hierdie strukture te integreer tot 'n geheel (Brooke, 1991: 17; Fordham, 1953: 62; Stevens, 1990: 41).

2.1.1.4 Samevatting

Jung se teorie bied 'n omvattende model van die strukture van persoonlikheid. Alhoewel hierdie persoonlikheidsstrukture afsonderlik bespreek is, word die proses van integrasie van die verskillende strukture in die persoonlikheidsfunksionering van die individu, deur Jung beklemtoon.

2.1.2 Die dinamiek van persoonlikheid

Jung (1960: 3-6) beskou die mens as 'n komplekse, self-regulerende energiesisteem. Hy verwys na hierdie fisiese en psigiese energie as die libido. Die libido, wat nie direk waarneembaar is nie, fluktueer gedurig tussen die opponerende persoonlikheidsstrukture om 'n balans te handhaaf of te skep indien daar konflik ontstaan tussen hierdie strukture.

Vervolgens word daar gekyk na die dinamiek van energievloei binne die psige soos vervat in Jung se teorie. Dit sluit die volgende prosesse in: ekwivalensie, entropie, progressie en regressie, asook sublimasie en repressie.

2.1.2.1 Die beginsel van ekwivalensie

Hierdie beginsel dui daarop dat die psigiese sisteem energie bewaar, dit wil sê dat daar nooit 'n verlies aan, of opname van energie in die sisteem is nie. Waar daar byvoorbeeld 'n verlies aan energie binne 'n bepaalde persoonlikheidsstruktuur plaasvind, ontstaan presies dieselfde hoeveelheid energie, in 'n ander vorm, binne 'n ander struktuur (Jung, 1928: 18).

2.1.2.2 Die beginsel van entropie

Volgens Jung (1928: 27; 1960: 25) is die psige 'n relatief geslote sisteem waar die oordra van energie van een sisteem na 'n ander 'n assimilerende effek impliseer. Assimilasie of gelykmaking beteken dat waar daar 'n baie sterk energieteenwoordigheid op 'n bepaalde tydstep in die onbewuste ontstaan, energievloei herlei sal word na die bewuste om sodoende 'n balans in energieverspreiding teweeg te bring.

2.1.2.3 Die beginsel van progressie en regressie

Volgens die beginsel van progressie word die mens daaglik met eise vanuit die omgewing gekonfronteer wat teenstrydig is met sy onbewuste behoeftes. Die ego maak aanpassings op beide bewuste en onbewuste vlakke ten einde 'n middeweg te vind en sodoende balans in die psige te behou.

Indien daar nie 'n middeweg gevind word nie, ontstaan daar konflik en die mens verval in 'n droomagtige staat, of beweeg terug na 'n vorige ontwikkelingsfase. Energievloei is nou na binne gerig en die onbewuste begin soek na maniere waarop daar van die oorvloedige energie ontslae geraak kan word. Indien daar nie 'n aanvaarbare manier gevind word om van hierdie energie ontslae te raak nie, onttrek die onbewuste heeltemal van die eksterne wêreld. Hierdie proses staan bekend as regressie (Jung, 1928: 34-37; 1960: 32-39).

2.1.2.4 Die beginsel van sublimasie en repressie

Die eise wat die omgewing aan die mens stel val nie altyd binne die norme van die samelewing nie. Die psige moet daarom gedurig maniere vind om byvoorbeeld energie van meer instinktiewe prosesse wat die reëls van die samelewing teengaan, herlei na dit wat op kulturele en spirituele vlak meer aanvaarbaar is. Jung verwys na hierdie proses as die beginsel van sublimasie.

Repressie vind plaas wanneer onaanvaarbare bewuste impulse die ego bedreig en na die onbewuste onderdruk word. 'n Voorbeeld wat deur Jung (1960) aangehaal word ten einde hierdie twee beginsels te illustreer, is dié van 'n man wat homoseksuele gevoelens ervaar en dit onderdruk. Die energie bou op in die onbewuste en manifesteer in die vorm van protesaksies teen homoseksualiteit.

2.1.2.5 Samevatting

Binne die psige is daar gedurig deur 'n wisselwerking van energie tussen die teenstellende persoonlikheidsstrukture. Op grond hiervan is daar dus altyd die moontlikheid vir 'n wanbalans of versteuring, maar ook die moontlikheid vir aanpassing en groei.

2.1.3 Die ontwikkeling van persoonlikheid

Jung beskou die ontwikkeling van persoonlikheid as 'n lewenslange proses (Brooke, 1991: 21; Moller, 1993: 83). Hy onderskei en lê klem op die prosesse individuasie en transendensie, wat geïnspireer word deur die self-argetipe, en wat volgens Jung as grondslag dien vir die ontwikkeling van persoonlikheid.

2.1.3.1 Individuasie

Individuasie verwys na 'n psigologiese proses waar die mens bewustelik in aanraking kom met inferieure en meer onbewuste aspekte van sy persoonlikheid (Fordham, 1953: 79). Dit is 'n proses wat geleidelik ontwikkel en is veral waarneembaar gedurende die middellewensfase wat, volgens Jung, op die ouderdom van 40 jaar begin.

Gedurende hierdie proses distansieer die mens hom van die simbole van 'n massakultuur en konfronteer hy die argetipes van die kollektiewe onbewuste vanuit sy eie verwysingsraamwerk. Sodoende bevestig hy homself as deel van die mensdom, maar ook as 'n individu (Singer, 1995: 134; Stevens, 1990: 199).

2.1.3.2 Transendensie

Transendensie verwys na die integrasie van die verskillende teenstellende persoonlikheidsstrukture in die psige tot 'n harmoniese eenheid, nie net binne die self nie, maar ook met die mensdom as geheel. Volgens Jung is die transendensiefunksie spesifiek 'n kataliserende meganisme wat integrasie fasiliteer.

2.1.3.3 Samevatting

Volgens Möller (1993: 84) kan die twee prosesse (individuasie en transendensie) as teenstellendes gesien word. Terwyl individuasie lei tot verskeidenheid, bewerkstellig transendensie integrasie en harmonie. Beide prosesse is egter noodsaaklik vir die proses van selfaktualisering.

Selfaktualisering is, volgens Jung, 'n ideale toestand wat min mense werklik bereik. Dit is 'n moeilike en pynlike proses en vind oor 'n lang tydperk plaas. Diegene wat dit verwesenlik, bereik dit eers gedurende die middeljare (Brooke, 1991: 21; Möller, 1993: 84; Singer, 1995: 137).

2.1.4 Die Ontwikkelingsfases

Jung onderskei tussen die volgende lewensfases in die proses van persoonlikheidsontwikkeling:

2.1.4.2 Die pre-seksuele periode

Volgens Jung (in Stevens, 1990: 36) is persoonlikheid reeds met geboorte teenwoordig. 'n Baba word dus met 'n bepaalde predisposisie binne die onbewuste gebore wat hom in sekere omstandighede op 'n bepaalde wyse sal laat reageer. Soos die baba ouer word en begin betekenis vorm deur inhoude aan mekaar te koppel, ontwikkel die bewuste (Brooke, 1991: 21; Möller, 1993: 85). Die belangrikste funksies gedurende hierdie periode bly egter instinktief, naamlik voeding en groei, en die baba ervaar geen innerlike spanning nie.

2.1.4.2 Pre-puberteit

Hierdie periode word volgens Jung gekenmerk deur die verdere uitbreiding van die bewuste, grotendeels deur die blootstelling aan sisteme buite gesinsverband, naamlik die skool en die gemeenskap. Seksuele instinkte begin ontluik, maar bly beperk tot 'n bewuswording van seksualiteit. Fantasiaë word onderdruk omdat die kind dit vanuit 'n morele agtergrond as onaanvaarbaar ervaar (Möller, 1993: 85).

2.1.4.3 Puberteit

Die ontluikende jong persoon betree 'n periode waar differensiëring plaasvind in terme van seksualiteit, sosialisering en identiteit. 'n Mate van individuasie vind gedurende hierdie periode plaas deurdat die jong persoon begin onderskeid maak tussen homself en die familie waarbinne hy grootword. Die kwaliteit van ouerskap bepaal volgens Stevens (1990: 121) tot watter mate die kind suksesvol sal wees in die proses van differensiëring.

2.1.4.4 Jeug

Gedurende hierdie fase, wat volgens Jung tot die ouderdom 40 jaar duur, betree die persoon die beroepswêreld, tree hy moontlik in die huwelik en begin 'n gesin. Die persoon se lewe is nou meer uiterlik as innerlik gerig. Sy nuwe lewensomstandighede bring nuwe ervarings mee, waaruit nuwe kennis verwerf en betekenis afgelei word, en sodoende vind verdere ontwikkeling van die bewuste plaas, maar steeds nie tot die punt van individuasie nie (Möller, 1993: 85; Stevens, 1990: 145).

2.1.4.5 Middellewensfase

Volgens Jung is hierdie die begin van 'n tweede lewensfase. Die mens neem gedurende hierdie tydperk sy lewe in oënskou om te bepaal wat hy tot dusver vermag het. Fokus bly egter nie net op die uiterlike gerig nie, maar ook op die innerlike, naamlik 'n blik op onbewuste potensiaal wat nie verweselik is nie.

Krisisse ontstaan as die mens hierdie fase onvoorbereid betree, dit wil sê as daar skielik 'n onverwagse verandering plaasvind soos die verlies van 'n eggenoot of werk. Deur hierdie krisisse egter in nuwe moontlikhede te omskep, is die eerste stap in die proses van individuasie (Möller, 1993: 86; Stevens, 1990: 166).

2.1.4.6 Bejaardheid

Hierdie lewensfase, wat tussen 60 en 65 jaar begin, het Jung besonder geïnteresseer omdat hy dit beskou het as 'n geleentheid om ten volle mens te word. Volgens Jung is die mens, na 'n leeftyd van ervarings, nou in staat om balans en harmonie te bewerkstellig deur die versoening van teenstellendes. Die mens is dus gereed om op sy lewe terug te kyk, na prestasies maar ook na mislukkings, sterkpunte maar ook leemtes binne homself te versoen. Hy ervaar die dood as deel van die lewensiklus en daarom vrees hy dit nie (Stevens, 1990: 190).

2.1.5 Persoonlikheidstipes

Vervolgens word daar gekyk na persoonlikheidstipologie soos in Jung se teorie vervat.

2.1.5.1 Jung se tipologie

Jung se model van persoonlikheidstipes is gegrond op die wyse waarop die mens sy psigiese energie gebruik, dit wil sê hoe hy informasie waarneem of ontvang, hoe hy besluite neem, asook die wyse waarop hy neig om sy energie te rig (Meisgeier, Murphy & Meiseier, 1989: 2; Van Rooyen & De Beer, 1995: 2). Verder onderskei die model tussen agt persoonlikheidstipes, wat voorkom as gevolg van 'n interne dinamiese wisselwerking van twee houdings, naamlik introversie en ekstroversie, en vier funksies, naamlik denke, gevoel, sensasie en intuïsie (Sharp, 1987: 12; Meyers & McCaulley, 1987: 11 - 19).

2.1.5.2 Houdings

Jung (1960: 40) onderskei tussen twee tipe houdings of lewensoriëntasies naamlik introversie en ekstroversie. Alhoewel beide houdings in mense teenwoordig is, is een gewoonlik dominant en bewustelik, terwyl die ander onbewustelik en ondergeskik is, afhangende van die mens se natuurlike voorkeur (Möller, 1993: 76; Stevens, 1990: 30, 195).

i) Ekstroversie (E)

Volgens Jung dui ekstroversie op 'n gerigtheid na buite, dit wil sê die psigiese energie word hoofsaaklik na die eksterne wêreld gerig. Hy beskryf daarom 'n ekstroverte geaardheid as "an outgoing, candid and accommodating nature that adapts easily to a given situation, quickly forms attachments and, setting aside misgivings, will, often venture forth with careless confidence into unknown situations" (Stevens, 1990: 195; Möller, 1993: 76).

Kinders met 'n ekstroversiewe houding word beskryf as lewendig en maklik. Hulle deel hul denke en gevoelens maklik. Ekstroverte kinders word gestimuleer en reageer op stimulasie van mense en dinge rondom hulle. Hulle is egter geneig om soms impulsief op te tree en kan maklik ongeduldig raak en sodoende belangstelling verloor in eentonige skoolprojekte (Meisgeier, Murphy & Meisgeier, 1989: 10; Neff, 1988: 12).

ii) Introversie (I)

Volgens Jung dui introversie op 'n gerigtheid na binne, dit wil sê die psigiese energie is gerig op die innerlike wêreld van subjektiewe idees en ervarings. Hy beskryf derhalwe die introverte geaardheid as "a hesitant, reflective, retiring nature that keeps itself to itself, shrinks from objects, is always slightly on the defensive and prefers to hide behind mistrustful scrutiny" (Stevens, 1990: 195; Möller, 1993: 76).

Introverte kinders word beskryf as stil en teruggetrokke. Hulle is privaat en deel nie maklik hul gevoelens en gedagtes nie, dus verkies hulle om take alleen aan te pak. Kinders met introverte houdings word gestimuleer deur idees, reflekteer graag en bedink 'n saak voordat hulle oorgaan tot aksie (Meisgeier, Murphy & Meisgeier, 1989: 11; Neff, 1988: 54).

2.1.5.3 Funksies

Jung het aangeneem dat daar, benewens houdings, vier afsonderlike funksies bestaan. Funksies verwys spesifiek na die manier waarop die mens sy wêreld waarneem en hoe hy betekenis aan elke ervaring heg. Hierdie funksies wat Jung as opponerende pare op 'n kontinuum plaas, sluit in: sintuiglik (S) teenoor intuïtief (N), en denke (T) teenoor gevoel (F) (Meyer, Moore & Viljoen, 1989: 87; Möller, 1993: 77; Sharp, 1987: 18).

Die *sintuiglike funksie* dui op 'n bewuswording van eksterne impulse deur middel van die vyf sintuie. *Intuisie*, daarenteen, dui op 'n neiging om die geheelbeeld in ag te neem, en om na verhoudings of verbande tussen feite te kyk.

Die laaste twee funksies dui op wyses waarop informasie geprosesseer word, sowel as indirekte wyses van reaksies op grond van 'n rasonale besluitnemingsproses. *Denke* verwys na logiese kognitiewe prosesse wat ingespan word om betekenis te verkry, intellektuele konsepte te vorm en uiteindelik oplossings te vind. *Gevoel*, daarenteen, dui op 'n beoordeling van die mens se ervarings en word gevorm op grond van die mens se eie waardesisteem (Meyer, Moore & Viljoen, 1989: 87; Möller, 1990: 196 - 197).

Al vier funksies is teenwoordig in elke mens, maar mense verskil ten opsigte van die hoeveelheid tyd en energie wat hulle aan die funksie bestee. Daar bestaan as't ware 'n

hiërargie van energieverbruik of -besteding, met een uit die vier funksies waaraan die meeste energie bestee word (Quenk, 1996: 2-3; Sharp, 1987: 14 - 15).

i) Die dominante funksie

Die dominante funksie ontwikkel gedurende die kinderjare teen ongeveer ses jaar, en is gewoonlik nog nie voltooi teen middel- of laatadolessensie nie.

Hierdie funksie is die beste ontwikkel, kom natuurlik voor en word gewoonlik outomaties aangewend. Dit is waarskynlik ook die funksie waarvan die mens die meeste bewus is, en meer bewustelik kan rig en beheer. Weens herhaaldelike gebruik speel hierdie funksie 'n deurslaggewende rol in die mens se loopbaankeuse, sowel as die wyse waarop hy met ander omgaan (Meisgeier, Murphy & Meisgeier, 1989: 3-4; Quenk, 1993: 2; Sharp, 1987: 15).

ii) Die hulpfunksie

Naas die dominante funksie ontwikkel die tweede of hulpfunksie. Alhoewel dit nie heeltemal so bewustelik en onder beheer is soos die dominante funksie nie, komplementeer en balanseer dit die dominante funksie. Die hulpfunksie is gewoonlik die teenoorgestelde van die funksie wat dominant is. Sou die dominante funksie byvoorbeeld sintuiglik wees (waarneming of intuisie), sal die hulpfunksie een van die beoordelende funksies (denke of gevoel) wees (Quenk, 1996: 3).

iii) Die tersiële funksie

In Jung se werk word daar nie altyd direk na hierdie funksie verwys nie, maar Quenk (1996: 3) beskryf dit as die derde funksie wat volgens haar onbewustelik is, en lomp is om te gebruik. Die tersiële funksie is gewoonlik die teenoorgestelde funksie van die hulpfunksie. As die hulpfunksie byvoorbeeld 'n sintuiglike proses (S) is, is die tersiële funksie die teenoorgestelde intuitiewe proses (N).

(iv) Die inferieure of ondergeskikte funksie

Hierdie funksie is onderontwikkel en staan direk teenoor die dominante funksie. Die inferieure funksie is grotendeels onbewustelik, dus het die mens geen beheer daaroor nie. Jung beskryf die inferieure funksie as ongesofistikeerd en primitief, verteenwoordigend van die meer duister deel van die persoonlikheid. Dit kom gewoonlik na vore wanneer die mens se bewuste psigiese energievlakke baie laag is soos ten tye van siekte, stres, moegheid en alkohol- of dwelminname (Quenk, 1996: 4).

2.1.5.4 Jung se persoonlikheidstipes

In sy werk het Jung tussen agt persoonlikheidstipes onderskei. Elke tipe bestaan uit 'n houdingsvoorkeur afgepaar met twee funksievoorkeure. Vervolgens word daar kortliks na hierdie persoonlikheidstipes in tabelformaat gekyk.

Tabel 2.1: Jung se agt persoonlikheidstipes

<i>Ekstroversiewe denkende tipe (ET)</i>	<i>Introversiewe denkende tipe (IT)</i>
<ul style="list-style-type: none"> • Leef volgens objektiewe reëls • ondersoek gevoelens • slegs geïnteresseerd in eie doelstellings • sosiale hervormer • selfregverdigende kritikus 	<ul style="list-style-type: none"> • gedryf deur denke en idees • mag koud, verhewe en sosiaal ontoereikend voorkom
<i>Ekstroversiewe gevoelstipe (EF)</i>	<i>Introversiewe gevoelstipe (IF)</i>
<ul style="list-style-type: none"> • gevoelens en gedrag beheer deur sosiale norms • selfstandige denke word gewoonlik onderdruk 	<ul style="list-style-type: none"> • stil en mag ontoeganklik voorkom en daarom soms moeilik om te verstaan • geneig om emosies intens te beleef wat tot uiting kom in godsdienste
<i>Ekstroversiewe sensoriese tipe (ES)</i>	<i>Introversiewe sensoriese tipe (IS)</i>
<ul style="list-style-type: none"> • pragmaties en realiteitsgeoriënteerd • sosiaal uitgaande, vrolik • ingestel op estetiese ervarings 	<ul style="list-style-type: none"> • gelei deur intensiteit van subjektiewe sensasies • neig om te oorreegeer • handhaaf afstand van ander en kom as rasioneel en in beheer voor
<i>Ekstroversiewe intuitiewe tipe (EN)</i>	<i>Introversiewe intuitiewe tipe (IN)</i>
<ul style="list-style-type: none"> • gedryf deur eksterne geleenthede • ondernemend • nalatig ten opsigte van eie behoeftes • altyd op soek na nuwe moontlikhede • ongeduldig, voltooi dikwels nie eentonige take nie 	<ul style="list-style-type: none"> • intens intuitief en daarom soms raaislagtig • 'n dromer, kunssinnige eksentriek • gevoelens en denke word sterk onderdruk • nie goeie kommunikeerders nie

(Uit Möller, 1993: 77-79; Singer, 1995: 332-334).

Jung maan egter dat hierdie afgepaarde kombinasies nie rigiede kategorieë is nie, " for human nature refuses to be classified in a precise and simple way", maar slegs 'n model wat as verwysingsraamwerk kan dien in 'n poging om die mens te kan verstaan. (Fordham, 1953: 45).

2.1.5.5 Jung en opvoeding

i) Die ouer as rolmodel

In sy jarelange ondervinding as geneesheer het Jung gevind dat kinders gedurende die vroeë kinderjare emosioneel en sosiaal afhanklik is van die leefwêreld wat ouers, as rolmodelle, skep en juis daarom ontvanklik of beïnvloedbaar is. Volgens Jung is dit nie soseer die bewuste identiteit van die ouer, dit wat hy/sy daagliks fisiek openbaar nie, maar die onbewuste identiteit, naamlik die versteekte of onderdrukte probleme, wat veel meer bydra tot die vorming van die kind se karakter (Fordham, 1953: 110).

ii) Die rol van die opvoeder

Vir Jung speel die opvoeder naas die ouer 'n baie belangrike rol in die kind se vormingsjare. Die opvoeder word binne skoolkonteks as 't ware die substituut vir die ouer. Die kind is daartoe geneig om dit wat hy met die ouer ervaar, op die opvoeder te projekteer, en word terselfdertyd deur die persoonlikheid van die opvoeder beïnvloed.

Jung is oortuig daarvan dat hierdie wedersydse verhouding tussen kind en opvoeder belangriker is as enige onderrigmetode. 'n Kind se vermoë om te kan leer kan voortdurend gestrem word indien hierdie verhouding onbevredigend en daarom skadelik is (Fordham, 1953: 110; Jung, 1928: 322 - 323).

Juis as gevolg van die invloed wat die opvoeder het op die kind se persoonlikheidsontwikkeling, is dit essensieel dat die proses so noukeurig moontlik verstaan, en sodoende aangehelp of gefasiliteer word. Jung beklemtoon daarom dat opvoeders ingelig hoort te wees oor kinders se opvoedingsbehoefte asook hul persoonlikheidsamestelling en funksionering. Hierdie inligting kan uiteindelik gebruik word

om optimale ontwikkeling in die kind op kognitiewe, emosionele, sosiale en kognitiewe vlakke te bewerkstellig (Van Heerden, 1996: 67).

iii) Die rol van die samelewing

Alle mense funksioneer binne 'n bepaalde sosiale konteks. Ten einde deel te word van hierdie konteks, is daar bepaalde kollektiewe norme of reëls waarby die mens homself moet neerlê. Kinders se beperkinge om onafhanklik besluite te kan neem en menings te vorm, sal daartoe lei dat hulle die reëls, beginsels en metodes van die samelewing waarbinne hulle grootword onvoorwaardelik internaliseer en daarvolgens leef.

Jung meen dat die kind as't ware geforseer word om hierdie norme of reëls onbewustelik te internaliseer, wat veral skadelik kan wees omdat dit tot eenvormigheid kan lei en uiteindelik veroorsaak dat die kind se potensiële individualiteit totaal ingeboet mag word (Fordham, 1953: 118; Jung, 1928: 383-384; Van Heerden, 1996: 66).

2.1.6 Evaluering van Jung se teorie

Jung het, soos Freud, vanuit 'n psigo-analitiese denkrigting gewerk, maar het selde dieselfde erkenning gekry vir sy werk ten opsigte van die psigiese ontwikkeling van die mens. Sy teorie word beskou as kompleks en moeilik verstaanbaar en word dikwels gekritiseer vir teenstrydighede en inkonsekwentheid (Freeman in Jung et al, 1978: vi-vii; Möller, 1993: 92).

Kliniese waarnemings en kennis van 'n verskeidenheid wetenskappe, die godsdiens, mitologie en die okkulte het as verwysingsraamwerk en basis vir Jung se werk gedien. Tradisionele eksperimentele metodes het hy skerp gekritiseer en verwerp omdat hy geglo het dat dit op oorsaaklikheid fokus (Freeman in Jung et al, 1978: x; Möller, 1993: 92, 93; Van Niekerk, 1996: 102). Sy benadering het egter daartoe gelei dat sy werk as onsistematies en omslagtig beskou word.

Tog is dit 'n onomwonde feit dat van sy werk wel 'n aansienlike bydrae lewer tot begrip van persoonlikheidsontwikkeling. Sy konsep van die self en selfaktualisering, 'n belangrike tema in sy werk, het later die hoeksteen geword van die humanistiese benadering (Möller, 1993: 92).

Jung se teorie bly eksperimenteel moeilik uitvoerbaar as gevolg van die kompleksiteit van die dinamieka van persoonlikheid. Aspekte wat wel met welslae nagevors is, is die persoonlikheidstipes wat in die vorm van 'n persoonlikheidstipe-meetinstrument, die Meyers-Briggs Type Indicator, uitgebrei en verfyn is (Quenk, 1993: 27; Van Rooyen & De Beer, 1995: 3-6). Die dimensies van introversie en ekstroversie is ook geïnkorporeer in Catell se 16 - Persoonlikheidsvraelys, en later in die Big Five Factors of Personality (Lawrence, 1993: 10; Möller, 1993: 93).

2.2 SAMEVATTING

Hoofstuk 2 het gefokus op die teorie van Jung wat as grondslag dien vir die Meyers - Briggs Type Indicator, asook die Murphy - Meisgeier Type Indicator for Children. Daar is gefokus op die struktuur, die dinamiek en die ontwikkeling van persoonlikheid. Verder is daar ook na Jung se tipologie en sy siening oor opvoeding verwys. In die volgende hoofstuk word persoonlikheidsmeting bespreek deur breedvoerig na die MMTIC en MBTI, waarop beide die MMTIC en MMTIC-R gebaseer is, te verwys. Daar word kortliks na die MMTIC-R, wat in 'n proses van finalisering is, verwys.

HOOFSTUK 3

PERSOONLIKHEIDSMETING

3.1 INLEIDING

In hierdie ondersoek word 'n vergelyking getref tussen die resultate van twee persoonlikheidsmeetinstrumente, naamlik die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children (MMTIC) en Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children-Revised (MMTIC-R), wat op 'n groep leerders afgeneem is. Die MMTIC word breedvoerig bespreek ten opsigte van oorsprong, samestelling en toepassing, terwyl daar kortliks verwys word na die hersiene weergawe (MMTIC-R) wat tans in 'n proses van ondersoek is in terme van geldigheid en betroubaarheid. Beide weergawes van die instrument is gebaseer op die Myers-Briggs Type Indicator (MBTI), en hierdie hoofstuk word dus ingelei met 'n breedvoerige bespreking van die MBTI.

3.2 Die Myers-Briggs Type Indicator (MBTI)

3.2.1 Die doel, ontwikkeling en samestelling van die MBTI

Die MBTI is hoofsaaklik ontwikkel om Jung se teorie oor persoonlikheidstipes verstaanbaar en bruikbaar te maak vir mense in hul alledaagse lewe.

Die kern van Jung se teorie lê daarin dat variasies in gedrag ordelik en konsekwent is, maar verskillend voorkom as gevolg van die manier waarop 'n persoon verkies om sy persepsies en oordele te gebruik. Persepsies verwys hier na die prosesse van waarneming, dus 'n bewuswording van dinge, mense, gebeurtenisse en idees. Oordeel, daarenteen, verwys na prosesse van gevolgtrekkings aangaande dit wat waargeneem is.

Deur selfondersoek kan die mens se persepsies en voorkeure deur middel van hierdie meetinstrument afsonderlik of in kombinasies bepaal word en vir praktiese doeleindes aangewend word (Myers & McCaulley, 1987: 1; Myers & Myers, 1986: 1).

Die MBTI onderskei tussen twee teenstellende **waarnemingsprosesse**, naamlik die sintuiglike (S) en intuïsie (N); asook twee **beoordelingsprosesse**, naamlik denke (T) en gevoel (F). 'n Kort oorsig van die twee waarnemingsprosesse (S/N) en die twee beoordelingsprosesse (T/F) volg:

Mense met 'n *sintuiglike voorkeur (S)* maak gebruik van hul vyf sinne om inligting van die omgewing in te win. Hulle is geneig om op realiteite te fokus, en is pragmaties en prakties ingestel. Mense met 'n *intuïtiewe voorkeur (N)*, daarenteen, verkry inligting deur middel van onbewuste prosesse, die 'sesde sinne', waardeur idees en assosiasies gevorm word. Hulle is toekomsgeoriënteerd, dink abstrak en is teoreties ingestel.

Mense wat geneig is om gevolgtrekkings te maak en besluite te neem op 'n meer onpersoonlike wyse, dus meer geneig is om op grond van logiese prosesse te reageer, verkies *denke (T)* as 'n beoordelingsfunksie. Waar gevoelens en persoonlike waardes 'n sterk invloed het op gevolgtrekkings en besluitneming, is die beoordelingsfunksie *gevoel (F)*.

Afgesien van die waarnemings- en beoordelingsprosesse, speel **houding** ook 'n rol in die wyse waarop mense verkies om inligting in te win en besluite te neem ten opsigte van die uiterlike wêreld van mense en objekte (*'n eksterne voorkeur*), of die innerlike wêreld van idees en konsepte (*'n interne voorkeur*) (Myers & Myers, 1986; Van Heerden, 1996).

Die MBTI volgens Jung se tipologiese model verwys egter net na drie dimensies/skale in die samestelling van die persoonlikheidsstruktuur, naamlik ekstroversie (E)/introversie (I); sintuiglik (S)/intuïtief (N) en denke (T)/gevoel (F). Isabel Myers en Katherine Briggs het 'n leemte in hierdie model gevind met betrekking tot die voorkeure wat mense verleen ten opsigte van hul houding teenoor en die hantering van die omgewing waarin hulle leef (hul lewenshouding), en hierby voeg hulle die *beoordelende (J)* en die *waarnemende (P)* *houdingskaal*. Dit was juis hierdie toevoeging, die J/P skaal of vierde dimensie, wat beskou word as Myers en Briggs se grootste en unieke bydrae tot die teorie van persoonlikheidsstipes en die ontwikkeling van die MBTI (Myers & McCaulley, 1987: 13; Van Rooyen & De Beer, 1995: 5). Vervolgens 'n kort oorsig van die beoordelende (J) - waarnemende (P) skale.

Myers en Briggs beskryf mense wat voorkeur verleen aan 'n beoordelende houding (J) as georganiseerd, gedissiplineerd en doelgerig. Hulle verkies orde, struktuur en

voorspelbaarheid, en is geneig om van of hul denke (T) of gevoelsfunksie (F) gebruik te maak in die hantering van daaglikse lewenseise (Myers & Myers, 1986; Van Rooyen & De Beer, 1995).

Mense wat voorkeur verleen aan 'n waarnemende houding (P) het 'n oop en aanpasbare lewenshouding. Hulle is nuuskierig, weetgierig en ontvanklik vir nuwe idees en veranderinge. Hulle is geneig om daaglikse eise met behulp van of sintuiglike inligting (S) of 'n intuïtiewe aanvoeling (N) te hanteer (Myers & McCaulley, 1987; Van Rooyen & De Beer, 1995).

Die beoordelende (J) - waarnemende (P) skaal het 'n tweeledige funksie. Eerstens beskryf dit identifiseerbare houdings en gedrag met betrekking tot die eksterne wêreld, en tweedens word tesame hiermee die EI-skaal gebruik ten einde die dominante en hulpfunksies te bepaal.

3.2.2 Bepaling van die dominante en hulpfunksies

Myers en Briggs was van mening dat daar vir elke persoonlikheidstipe 'n dominante funksie bestaan wat ekstrovertief of introvertief gebruik word, afhangende van die persoon se voorkeurhouding. Ekstroverte sal byvoorbeeld hul dominante funksie ekstrovertief gebruik, terwyl introverte hul dominante funksie introvertief sal gebruik (Myers & McCaulley, 1987).

Die hulpfunksie word gewoonlik in die teenoorgestelde rigting as die voorkeurhouding gebruik en die doel daarvan is om 'n balans tussen ekstroversie en introversie te handhaaf. Deur hierdie balans word 'n introvert byvoorbeeld van die nodige ekstroversie voorsien, wat hom/haar in staat sal stel om met die wêreld van mense en objekte om te gaan. Vir die ekstrovert sou hierdie proses die teenoorgestelde wees. Myers en Briggs is daarvan oortuig dat 'n persoon slegs gebalanseerd kan ontwikkel indien die hulpfunksie ter ondersteuning van die dominante funksie deurlopend gebruik word (Myers & Myers, 1986; Van Rooyen & De Beer, 1995: 61).

3.2.3 Die 16 persoonlikheidstipes

'n Persoon se persoonlikheidstipe word bepaal deur een voorkeur op elk van die vier skale te bepaal en te kombineer tot 'n bepaalde persoonlikheidstipe. Die persoonlikheidstipe word

dan met 'n kode aangedui. 'n ENTJ-kode dui byvoorbeeld aan dat 'n persoon voorkeure toon vir ekstroversie, intuïsie, denke en beoordeling. Op grond van hierdie verdeling onderskei die MBTI tussen 16 moontlike persoonlikheidstipes.

Tabel 3.1: Die MBTI Tipe tabel

	Sintuiglike Tipes		Intuïtiewe Tipes	
	Met Denke	Met Gevoel	Met Denke	Met Gevoel
Beoordelende Tipes	ISTJ	ISFJ	INFJ	INTJ
Waarnemende Tipes	ISTP	ISFP	INFP	INTP
Waarnemende Tipes	ESTP	ESFP	ENSP	ENTP
Beoordelende Tipes	ESTJ	ESFJ	ENFJ	ENTJ

(Myers & McCaulley, 1987: 32)

3.2.3.1 Bespreking van die 16 persoonlikheidstipes

'n Kort samevatting van elk van die 16 persoonlikheidstipes word weergegee soos beskryf in die literatuur (Brownword, 1988; Myers & McCaulley, 1987; Myers & Myers, 1980; Quenk, 1983).

ISTJ (Die tradisionalis)

Dominante funksie: sintuiglik (S)

Hulpfunksie: denke (T)

Tersiêre funksie: gevoel (F)

Inferieure funksie: intuïsie (N)

ISTJ's word beskryf as ernstige, stil en kalm persone wat sukses behaal deur hul konsentrasievermoë en deeglikheid. Hulle is prakties, ordelik, dink logies, is realisties en baie betroubaar. Hulle is geneig om verantwoordelikheid te neem en toe te sien dat take

goed georganiseer is. ISTJ's maak gewoonlik eie besluite oor wat uitgevoer behoort te word (Brownswood, 1988; Neff, 1988).

Hulle kies gewoonlik beroepe wat organisatoriese vermoëns en akkuraatheid verg, byvoorbeeld siviele ingenieurswese, regte, gesondheidsberoepe en kantoorwerk (Martin, 1995: 19-20).

ISFJ (Die getroue aanhanger/lojalis)

Dominante funksie: sintuiglik (S)

Hulpfunksie: gevoel (F)

Tersiêre funksie: denke (T)

Inferieure funksie: intuïsie (N)

Daar word dikwels verwys na ISFJ's as stil en vriendelik. Hulle neig om verantwoordelik en pligsgetrou te wees, hulle werk toegewyd om verpligtinge na te kom. Hulle gee gewoonlik stabiliteit aan 'n groep of projek. ISFJ's is ywerig, deeglik en akkuraat.

Hulle belangstellings is gewoonlik nie tegnies van aard nie. Hulle word as lojaal, bedagsaam en besorg oor ander se gevoelens beskryf en daarom is ISFJ's geneig om beroepe te kies waar persoonlike versorging, simpatie, goedhartigheid, taktvolheid en 'n opregte belangstelling in mense belangrik is. Hulle word daarom dikwels in die onderwys aangetref, maar kan ook goeie huisdokters of verpleërs word (Brownswood, 1988; Martin, 1995; Myers & McCaulley, 1985)

INFJ (Die "oracle")

Dominante funksie: intuïsie (N)

Hulpfunksie: gevoel (F)

Tersiêre funksie: denke (T)

Inferieure funksie: sintuiglik (S)

INFJ's verkies volgens Neff (1988) spanwerk en daarom besef min mense dat hulle eintlik introverte is. Hulle het gewoonlik duidelike doelwitte, kan goed met mense saamwerk. Hulle het goeie uithou vermoë, is oorspronklik en doen hul bes. Mense neig om respek te hê vir

hulle standvastige beginsels en hulle word gewoonlik vereer en nagevolg vir hul eerbare visies (Myers & McCaulley, 1985).

INFJ's het 'n besondere sensitiwiteit vir die subtiele nuanses van ander se gevoelens wat dikwels daartoe lei dat hulle maklik seergemaak voel.

Beroepe wat mense bemagtig en persoonlike groei fasiliteer, sowel as kreatiwiteit en innovasie verg, trek gewoonlik INFJ's. Hulle word dus in een van die volgende rigtings aangetref: pastorale bediening, opvoeding, joernalistiek, bemaking en voorligting (Martin, 1995).

INTJ (Die strateeg)

Dominante funksie: intuïsie (N)

Hulpfunksie: denke (T)

Tersiêre funksie: gevoel (F)

Inferieure funksie: sintuiglik (S)

INTJ's word beskryf as mense met intuïtiewe insig, het ywer vir oorspronklike idees en doelwitte. Hulle het langtermyn visie en kan vinnig betekenisvolle patrone in eksterne gebeurtenisse sien. Hulle is skepties, krities, onafhanklik en vasberade (Myers & McCaulley, 1985: 21) INTJ's stel gewoonlik hoë verwagtinge en mag koppig voorkom.

'n Tegnieuse aanleg maak die wiskundige wetenskappe, ingenieurswese, filosofie en politiek sterk beroepsvoorkeure (Myers & Myers, 1980: 110; Martin, 1995: 29).

ISTP (Die reisiger)

Dominante funksie: denke (T)

Hulpfunksie: sintuiglik (S)

Tersiêre funksie: intuïsie (N)

Inferieure funksie: gevoel (F)

Daar word dikwels verwys na ISTP's as sterk onafhanklik, 'n toeskouer, stil en gereserveerd. Hulle is geneig om te observeer en analiseer met 'n onbetrokke nuuskierigheid en openbaar soms onverwagse flitse van oorspronklike humor. ISTP's is gewoonlik geïnteresseerd in die

oorsaak en gevolg van 'n saak. Hulle besit ook die vermoë om feite te organiseer deur middel van logika (Myers & McCaulley, 1985: 20; Van Heerden, 1996: 91).

As gevolg van hul observasievermoë, asook hul begeerte om beroepe te kies waar 'n vakmanskapbenadering (presisie en tegniek) benodig word, vind 'n mens hulle gewoonlik in die ingenieurswese, mynwese, landbou en krygskunde (Martin, 1995: 31).

ISFP (Die bewaarder van menslikewaardes)

Dominante funksie: gevoel (F)

Hulpfunksie: sintuiglik (S)

Tersiêre funksie: intuïsie (N)

Inferieure funksie: denke (T)

Volgens Myers & McCaulley (1985) is ISFP's teruggetrokke, stil-vriendelik, sensitief, welwillend en beskeie oor hul vermoëns. Hulle probeer so ver moontlik onenigheid vermy en dwing dus nie hul opinies of waardes op ander af nie. Alhoewel hulle nie omgee om leiding te neem nie, is hulle lojale volgelinge. ISFP's neig om maklik en entoesiasies 'n taak aan te pak.

Diensgeoriënteerde rigtings soos verpleging, geneeskunde, veeartsenykunde maak dikwels beroepskeuses uit van ISFP's (Martin, 1995: 35).

INFP (Die dromer)

Dominante funksie: gevoel (F)

Hulpfunksie: intuïsie (N)

Tersiêre funksie: sintuiglik (S)

Inferieure funksie: denke (T)

INFP's word beskryf as stil waarnemers, is idealisties en lojaal. Dit is belangrik vir hulle dat hul uiterlike lewe ooreenstem met innerlike waardes. Hulle is nuuskierig en vinnig om moontlikhede raak te sien, maar neig om soms te veel take op 'n slag aan te pak. INFP's is aanpasbaar, buigsaam en ontvanklik behalwe in gevalle waar hul waardes bedreig word (Myers & McCaulley, 1985: 21).

Beroepsgewys word INFP's meestal in beroepe aangetref soos die letterkunde, kuns, wetenskap of sielkunde (Myers & McCaulley, 1985: 25).

INTP (Die filosoof)

Dominante funksie: denke (T)

Hulpfunksie: intuïsie (N)

Tersiêre funksie: sintuiglik (S)

Inferieure funksie: gevoel (F)

INTP's is stil en gereserveerd. Hulle geniet teoretiese of wetenskaplike studies. Hulle gebruik logika en analise om probleme op te los. Hulle is geïnteresseerd in idees en neig om duidelik afgebakende belangstellings te hê en is selde prakties (Myers & McCaulley, 1985: 21; Neff, 1988: 41; Van Heerden, 1996: 93).

INTP's word aangetrek deur beroepe wat probleemanalise en kreatiewe oplossings verg, en behoort dus goed te vaar in suiwer wetenskapsrigtings, ekonomie, filosofie, wiskunde, navorsing en ingenieurswese (Martin, 1995: 40).

ESTP (Die realis)

Dominante funksie: sintuiglik (S)

Hulpfunksie: denke (T)

Tersiêre funksie: gevoel (F)

Inferieure funksie: intuïsie (N)

ESTP's word beskryf as geduldig. Hulle hou van masjinerie of meganiese toerusting, dinge wat uitmekaar gehaal kan word. Hulle is geneig om detail in ag te neem en is bewus van wat rondom hulle gebeur. ESTP's is aanpasbaar, verdraagsaam en pragmaties. Hulle hou nie van omslagtige verduidelikings nie en is daarop gefokus om resultate te kry (Neff, 1988: 27-28; Myers & McCaulley, 1985: 20; Van Heerden, 1996: 91).

As gevolg van hul avontuurlustigheid verkies ESTP's beroepe soos die polisie en korrektiewe dienste, bemarking en verkope, konstruksiewerk, landbou, bestuur in klein besighede, asook joernalistiek (Martin, 1995: 43).

ESFP (Die hedonis)

Dominante funksie: sintuiglik (S)

Hulpfunksie: gevoel (F)

Tersiêre funksie: denke (T)

Inferieure funksie: intuïsie (N)

ESFP's word beskryf as mensliewend, uitgaande, gemaklik, vriendelik en aangenaam. Hulle geniet dit om aktiwiteite vir ander genotvol te maak. Hulle hou van aksie en laat dinge gebeur, dus is hulle bewus van wat aangaan. ESFP's vind dit makliker om feite te memoriseer as om teorieë baas te raak. Hulle funksioneer op hul beste in situasies wat 'n praktiese aanslag vereis (Myers & McCaulley, 1985: 20; Neff, 1988: 29; Van Heerden, 1996: 92).

ESFP's word meestal aangetref in beroepe wat spontaneïteit verg, wat hulle toelaat om aktief betrokke te raak by mense, waar hulle van diens kan wees en leiding kan gee. Hulle word dus dikwels in die gesondheidsdienste asook opvoeding aangetref (Martin, 1995: 44-45).

ENFP (Die entoesias)

Dominante funksie: intuïsie (N)

Hulpfunksie: gevoel (F)

Tersiêre funksie: denke (T)

Inferieure funksie: sintuiglik (S)

Daar word dikwels na ENFP's verwys as hartlik, entoesiasies en lewendig. Hulle is vindingryk en kan feitlik enigiets aanpak. Hulle gee om vir mense en is altyd gereed om ander te help. ENFP's improviseer eerder as om vooraf te beplan. Hulle neig soms om impulsief op te tree en sodoende detail te ignoreer (Myers & McCaulley, 1985: 21; Neff, 1988: 32; Van Heerden, 1996: 93).

As gevolg van ENFP's se entoesiasme, vernuftigheid en mensgeoriënteerdheid word hulle meestal aangetref in rigtings soos berading, opvoeding, sosiale wetenskappe, skryfkuns en joernalistiek (Martin, 1995: 48-49; Myers & Myers, 1980: 109).

ENTP (Die entreperneur)

Dominante funksie: intuïsie (N)

Hulpfunksie: denke (T)

Tersiêre funksie: gevoel (F)

Inferieure funksie: sintuiglik (S)

ENTP's word beskryf as onafhanklik, vindingryk en vernuftig in verskeie areas. Hulle is gewoonlik stimulerende geselskap en is uitgesproke. Hulle hou daarvan om te analiseer en pak nuwe uitdagings met entoesiasme aan, maar raak gou verveeld met roetine take (Myers & McCaulley, 1985: 21; Neff, 1988: 30 - 31; Van Heerden, 1996: 93).

Beroepsgewys gee hulle sterk voorkeur aan rigtings wat energie, kreatiwiteit en buigsaamheid verg, soos fotografie, bemarking, reklame, joernalistiek, ingenieurswese en rekenaar- wetenskap (Martin, 1985: 51).

ESTJ (Die organiseerder)

Dominante funksie: denke (T)

Hulpfunksie: sintuiglik (S)

Tersiêre funksie: gevoel (F)

Inferieure funksie: intuïsie (N)

Daar word dikwels na ESTJ's verwys as prakties en realisties. Hulle is nugterdenkend en besit 'n natuurlike aanleg vir besigheid of meganika. Hulle verkies dat leer direk plaasvind, met onmiddellike toepassing, en is nie geïnteresseer in abstrakte teorieë nie. ESTJ's is goeie administrateurs omdat hulle aktiwiteite goed kan organiseer en uitvoer. Hulle is beslis en kan vinnig besluite implementeer en roetine detail hanteer. ESTJ's is egter geneig om besluite te neem of instruksies te gee sonder om ander se gevoelens in ag te neem (Brownsword, 1988: 27; Myers & McCaulley, 1985: 20; Neff, 1988; Van Heerden, 1996: 91).

As gevolg van hulle sistematiese benadering tot take, respek vir detail en reëls, 'n sin vir verantwoordelikheid, asook hul betroubaarheid, neig ESTJ's om beroepe te kies wat onder andere insluit: bestuur en administrasie in besighede, restaurante, bankwese en die staatsdiens; tegniese onderwys, die polisie en korrektiewe dienste (Martin, 1995: 54; Myers & Myers, 1980: 87).

ESFJ (Die lojalis)

Dominante funksie: gevoel (F)

Hulpfunksie: sintuiglik (S)

Tersiêre funksie: intuïsie (N)

Inferieure funksie: denke (T)

ESFJ's is volgens Myers & McCaulley (1985) goehartig, spraaksaam, gewild en konsensieus. Hulle is gebore medewerkers en aktiewe, lojale komiteede. Hulle geniet en besit die vermoë om harmonie te skep. ESFJ's is altyd besig om goed vir ander te doen, maar vergeet soms van hul eie behoeftes. Hulle werk op hul beste met aanmoediging en lof.

ESFJ's se menslikheid lei daartoe dat hulle aangetrek word deur rigtings in die gesondheidsdiensprofessie (Myers & Myers, 1986: 96).

ENFJ (Die opvoeder)

Dominante funksie: gevoel (F)

Hulpfunksie: intuïsie (N)

Tersiêre funksie: sintuiglik (S)

Inferieure funksie: denke (T)

ENFJ's word beskryf as mensliewend. Hulle is simpatiek, verantwoordelik en openbaar 'n opregte besorgdheid oor wat ander voel en dink. ENFJ's kan met gemak voorstelle maak of sonder moeite 'n groepsbespreking lei. Hulle is sosiaal en gewild. Hulle is spraaksaam en dit is ook die manier waarop hulle idees genereer en probleme oplos (Myers & McCaulley, 1985: 21; Neff, 1988: 26; Van Heerden, 1996: 93).

Hul kommunikasievaardighede, mensgeoriënteerdheid, weetgierigheid, hulle gemak met die abstrakte en simboliek, maak hulle geskik vir beroepe soos onderwys, berading, pastorale bediening, psigiatrie, musiek, fyner kunste, skryfwerk en joernalistiek (Martin, 1995: 60; Myers & Myers, 1980: 95).

ENTJ (Die kommandeur, organiseerder)

Dominante funksie: denke (T)

Hulpfunksie: intuïsie (N)

Tersiêre funksie: sintuiglik (S)

Inferieure funksie: gevoel (F)

Daar word dikwels na ENTJ's verwys as hartlik, eerlik en beslis. Hulle glo dat gedrag op logika gebaseer is en word dus nie beïnvloed deur emosies nie. ENTJ's leef volgens vaste reëls en beplan gewoonlik lang-termyn hoe om doelwitte op die effektiëste wyse te bereik. Indien 'n taak nie kompleks genoeg is nie, verloor hulle gou belangstelling. Hulle is betroubaar en toon min geduld met oneffektiwiteit. ENTJ's is geneig om besluite te neem sonder om ander se gevoelens in ag te neem (Myers & McCaulley, 1985: 21; Neff, 1988: 23).

ENTJ's se analitiese vermoëns, gekombineer met 'n fokus op simboliek, teorie en die abstrakte, trek hulle dikwels na beroepe in die natuurwetenskappe, alhoewel ook soms in die sosiale wetenskappe. Ander beroepe waar ENTJ's ook aangetref word is: administratiewe posisies, besigheid en finansies, bemarking, sielkunde, regte, konsultasie en rekenaarwese (Martin, 1995: 61 - 62).

3.2.3.2 Ander voorkeurtipekombinasies**i. Die temperamentstipes**

Die Griekse geneesheer Hippokrates het sover terug as 450 v.C. gedrag in terme die temperamentstipes: choleries, flegmaties, melancholies en sanguïnes beskryf. In die 1970's het die sielkundige, Keirsey, 'n model ontwikkel wat mensegedrag in vier temperamentstipes verdeel. Volgens Keirsey word die mens met 'n sekere temperamentstipe gebore, en sy gedrag word daardeur bepaal. Keirsey het voorgestel dat hierdie temperamentstipes in die 16 persoonlikheidstipes van die hersiene weergawe van die MBTI gereflekteer word (Van Rooyen & De Beer, 1995: 49).

Verwysing na hierdie vier temperamentstipes is belangrik in hierdie ondersoek aangesien dit implikasies het vir die leerstyle van leerders (Brownswood, 1994: 113-116; Neff, 1995: 111). Vervolgens word die vier temperamentstipes onderskei.

SJ (sintuiglik en beoordelend).

Persone met 'n sintuiglike en beoordelende temperamentstipe is altyd besig, is versigtig en beplanning is vir hulle belangrik. Die belange van die groep word altyd op die voorgrond geplaas, en hulle het 'n sterk sin vir verantwoordelikheid. Die groep word dikwels na verwys as die beskermers.

SP (sintuiglik en waarnemend).

Persone met 'n sintuiglike en waarnemende temperamentstipe floreer op aksie en waardeer variasie. Hulle is spontaan en hou daarvan om op hul eie of in klein groepies te werk. Hulle sien maklik geleenthede raak, en is altyd bewus van wat rondom hulle aangaan. Hulle word nie maklik deur struikelblokke afgeskrik nie. Die groep word dikwels na verwys as die ambagsmanne.

NT (intuisie en denke).

Persone met 'n intuïtiewe en denke temperamentstipe is rasioneel en hou van 'n breë perspektief op dinge. Hulle luister gewoonlik aandagtig voordat daar tot aksie oorgegaan word. Hulle dink logies, toon insig in terme van teorieë en gebruik strategieë om probleme op te los. Die groep word dikwels na verwys as die realiste.

NF (intuisie en gevoel).

Persone met 'n intuïtiewe en gevoel temperamentstipe het gewoonlik 'n sterk behoefte aan betekenis en sinvolheid. Hulle hou van groepaktiwiteite en is gewoonlik besorg oor groeplede se gevoelens. Hulle is empaties en uitstekende groeppasiteerders. Die groep word dikwels na verwys as die idealiste.

ii. Die funksiepare en houdingpare

Buiten die temperamentstipes onderskei Brownswood (1988) en Briggs Myers (1993) tussen twee addisionele kombinasies wat albei implikasie het vir opvoeding, naamlik funksiepare

(ST, SF, NF, NT) en houdingspare (IJ, IP, EP, EJ). Vervolgens word hierdie kombinasies afsonderlik bespreek.

Volgens Brownswood (1988) en Briggs Myers (1993) word die funksiepare gebruik om te bepaal waarop 'n persoon geneig sal wees om sy aandag te fokus, wat hom/haar dus sal interesseer in terme van byvoorbeeld studiemateriaal.

ST (*sintuiglik en denke*): Persone met hierdie funksiepaar neig om prakties en analities te wees. Hulle hou daarvan om tegniese vaardighede aan te wend en leer op hul beste as studiemateriaal fisies manipuleerbaar is.

SF (*sintuiglik en gevoel*): Persone met hierdie funksiepaar is simpatiek teenoor ander en menslikewardes is vir hulle belangrik. Hulle is veral geïnteresseerd in studiemateriaal wat oor mense en dienslewering handel. Hulle is veral entoesiasies as take in groepsverband aangepak word.

NF (*intuïtief en gevoel*): Persone met hierdie funksiepaar is gewoonlik geïnteresseerd in simboliese betekenis en teoretiese verbande. Hulle is ook geïnteresseerd in interaksie tussen mense. Menslikewardes is veral vir hulle belangrik waar daar besluite geneem word.

NT (*intuïtief en denke*): Persone met hierdie funksiepaar is logies en analities. Hulle hou daarvan om teorieë te leer, toe te pas en te eksperimenteer. Hulle is geneig om nuwe moontlikhede vir tegniese ontwikkeling raak te sien.

Die **houdingspare** verwys na hoe 'n persoon deur ander ervaar word. Hierdie persepsies word grootliks uit die persoon se kommunikasiestyl afgelei en gevorm (Brownswood, 1988: 24). Hierdie kommunikasiestyle verskaf dus ook waardevolle inligting ten opsigte van leerstyle.

IJ (*introversief en beoordelend*).

Persone met hierdie houdingspaar word dikwels na verwys as ferm introverte. Hulle neig om selfondersoekend te wees. In debatvoering kom hulle as stil observeerders voor, maar is gewoonlik diegene wat die debat tot sluiting kan voer. Om IJ's te oortuig moet bewyse

gelewer word wat ooreenstem met hul persepsies. Hulle neig met ander woorde om hardkoppig voor te kom.

IP (*introversief en waarnemend*).

Persone met hierdie houdingspaar word dikwels na verwys as aanpasbare introverte. Hulle is selfondersoekend en kom soms afgetrokke voor. Hierdie afgetrokkenheid is egter hulle manier om idees innerlik te vorm. Hulle is meestal aanpasbaar, maar is ferm waar dit by belangrike sake kom. IP's is geneig om intens betrokke te raak by debatvoering.

EP (*ekstroversief en waarnemend*).

Persone met hierdie houdingspaar word dikwels na verwys as aanpasbare ekstroverte. Hulle is sosiaal, spontaan en besit die vermoë om ander maklik te oorreed.. Hulle is gedurig op soek na nuwe avonture en pas maklik aan by verandering. EP's hou daarvan om te debatteer, maar raak maklik vasgevang in detail wat verhoed dat hulle tot gevolgtrekkings kom.

EJ (*ekstroversief en beoordelend*).

Persone met hierdie houdingspaar word dikwels na verwys as ferm ekstroverte. Hulle neig om vinnig te beweeg, is selfversekerd en neem maklik besluite. Hulle is gewoonlik die persone wat dinge laat gebeur. EJ's hou daarvan om probleme op te los deur daarvoor te gesels.

3.2.4 Tegniese beskrywing van die MBTI

Hierdie meetinstrument is na meer as vyftig jaar se navorsing en ontwikkeling die algemeenste meetinstrument wat nie slegs in die VSA nie, maar in talle lande wêreldwyd gebruik word om persoonlikheidsverskille tussen normaal funksionerende mense te verstaan. Dit kan vir verskeie doeleindes aangewend word, onder andere vir selfontwikkeling, beroepsvoorligting en -ontwikkeling, akademiese voorligting, huweliksberading, spanbou, probleemoplossing, konflikresolusie, bestuurs- en leiersopleiding, asook opvoeding en kurrikulum- ontwikkeling (Briggs-Myers, 1993: 1; Meisgeier & Meisgeier, 1989: 1).

Die MBTI is 'n selfevalueringsvraelys wat persoonlikheidstipes meet deur houdingsvoorkeure (ekstroversie of introversie), waarnemingsfunksies (sintuiglik of intuïtief), beoordelende funksies (denke of gevoel) en lewenshoudingvoorkeure (beoordelend of waarnemend) te bepaal.

Tans bestaan daar verskillende vorms van die MBTI. Vorm F bestaan uit 166 items en word hoofsaaklik vir navorsingsdoeleindes gebruik. Vorm G bestaan uit 126 items waarvan 94 items gebruik word om 'n persoon se gedragsvoorkeure te bepaal en die oorblywende 32 items vir navorsing aangewend word. Hierdie vorm word in Suid-Afrika gebruik en is in Afrikaans en Zulu vertaal. 'n Selfnasienweergawe van vorm G, wat uit 94 items bestaan, is ook nou beskikbaar.

Vorm AV is 'n verkorte, selfnasienweergawe van die MBTI met slegs 50 items. Dit is aanvanklik met groot groepe gebruik, maar word nie meer gedruk nie. Vorm K bestaan uit 131 items wat in subskale verdeel is. Hierdie subskale stel die voorligter in staat om te bepaal tot watter mate sy kliënt verskil of dieselfde is as ander met dieselfde persoonlikheidstipe. Vorm J is 'n navorsingsproduk wat uit 290 items bestaan. Dit verskaf 7 "comfort scales" wat aandui of 'n persoon gereed is vir voorligting of nie. Die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children is 'n meetinstrument wat vir kinders ontwikkel is en is gebaseer op die MBTI (Myers & McCaulley, 1987: 144; Van Rooyen & De Beer, 1995: 14).

3.2.5 Evaluering van die MBTI

Die MBTI is reeds meer as 50 jaar in gebruik in die Verenigde State van Amerika, en in verskeie ander lande dwarsoor die wêreld. Die meetinstrument se toepassingsmoontlikhede is wyd. Dit is maklik afneembaar en kan beide met die hand of met behulp van 'n rekenaarprogram nagesien word (Briggs-Myers, 1993: 1; Van Rooyen & De Beer, 1995: 67)

Enkele tekortkomings wat geïdentifiseer is, is dat die meetinstrument fokus op oppervlakkige karaktereienskappe. Dit verskaf dus geen inligting van verdedigingsmeganismes en dieper emosionele faktore nie. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is hierdie instrument reeds in drie van die elf landstale vertaal en vir navorsingsdoeleindes op groepe Engels- en Afrikaanssprekende Blankes, Kleurlinge en Xhosas gebruik.

3.3 DIE MURPHY-MEISGEIER TYPE INDICATOR FOR CHILDREN (MMTIC)

3.3.1 Inleiding

Die oorkoepelende doelwit van die geherstruktureerde onderwysstelsel in Suid-Afrika, soos vervat in Kurrikulum 2005, is om leerders die geleentheid te bied om tot hul volle potensiaal te ontwikkel. Om hierdie doelwit te kan verwesenlik is dit noodsaaklik dat opvoeders oor inligting beskik aangaande leerders se belangstellings, leer- en denksstyle, vaardighede en persoonlikheidsfunksionering, om sodoende hul behoeftes op relevante wyse aan te spreek. Die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children (MMTIC) is 'n meetinstrument wat persoonlikheidstipes in kinders identifiseer. Die praktiese waarde van hierdie inligting lê juis daarin dat deur 'n leerder se persoonlikheidstipe te identifiseer, ook sy/haar leer- en denksstyle sowel as sy/haar persoonlikheidsfunksionering bepaal kan word (Meisgeier, Murphy & Meisgeier, 1989: 1).

3.3.2 Die doel van die MMTIC

Die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children (MMTIC) is ontwikkel om inligting oor individuele verskille in kinders deur middel van persoonlikheidstipes te identifiseer. Volgens die samestellers van hierdie instrument, Charles Meisgeier en Elizabeth Murphy, is die betekenisvolheid en praktiese waarde van inligting oor persoonlikheidstipe in kinders veelvoudig, onder andere om kinders te help om **hulself** en **ander** beter te verstaan.

Volgens Meisgeier en Murphy (1989) het kennis oor persoonlikheidstipes implikasies wat verder as slegs die skoolopset strek. Dit kan bydra tot die onderrigproses, berading en algemene begrip van kinders. Dit kan ook die kind in staat stel om homself beter te verstaan ten opsigte van persoonlike sterktes en leemtes en dus daartoe bydra dat die kind meer gemotiveerd is om uitdagings aan te pak en te presteer.

3.3.3 Die samestelling van die MMTIC

Die MMTIC is gebaseer op die MBTI, en is na twee jaar se intensiewe navorsing in 1987 saamgestel. Die items wat gekies is, moes omskryf word omdat dit op 'n baie jonger

populasie gemik was. Die toepassing en evaluering word egter steeds volgens die beginsels van die MBTI gedoen (Meisgeier & Murphy, 1987: 1, 18; Van Heerden, 1997: 7).

'n Itembank is aanvanklik ontwikkel deur volwassenes wat geïnteresseerd was in persoonlikheidstipes van kinders, waaruit sekere items uiteindelik geselekteer is. Met behulp van 'n groep kinders is hierdie items omskryf en verfyn.

Aanvanklik is 160 potensiele items gekies, en op 100 graad 3- tot graad 5-leerders toegepas. Na ontleding is vorm A met 80 items saamgestel. Vorm B het gevolg met agt addisionele items op die SN-skaal gerig. Hierdie vorm is op 1506 leerders vanaf graad 2 tot 8 afgeneem. Uiteindelik is tien items geëlimineer nadat die korrelasie van elke item met die item van die ooreenstemmende skaal bereken is. Die agt addisionele items is ook geëlimineer en die 70 oorblywende items is opgeneem in die meetinstrument wat as vorm D bekend staan (Meisgeier, Murphy & Swank, 1987: 15 - 18; Van Heerden, 1996: 7).

3.3.4 Beskrywing van die MMTIC

Die MMTIC is gebaseer op die MBTI en meet dieselfde voorkeurskale. Dit maak voorsiening vir 'n addisionele U-bandkategorie vir ongedifferensieerde voorkeure.

Die **EI-skaal** fokus op die leerder se werksgeesdrif, en *dui dus aan of energie uit die uiterlike of innerlike wêreld gegenereer word* (Fairhurst & Fairhurst, 1995: 24).

Ekstroverte (E) fokus op 'n uiterlike wêreld van mense en dinge. Hulle kommunikeer graag en verkies groepaktiwiteite. Introverte (I) fokus op 'n innerlike wêreld van konsepte en idees en het daarom tyd nodig om inligting innerlik te verwerk. Hulle verkies om alleen of in groepe te werk (Meisgeier, Murphy & Meisgeier, 1989: 3; Van Rooyen & De Beer, 1995: 20 - 21).

Die **SN-skaal** verwys na die twee primêre wyses *waarop inligting bekom word*, en dui dus die *leerder se basiese leerstyl* aan (Murphy, 1992: 8; Neff, 1988: 14).

Leerders met 'n sintuiglike (S) voorkeur verkry inligting direk deur die vyf sintuie. Hulle neig om prakties en realities te wees. Hulle is gefokus op die hede en wat rondom hulle gebeur. Leerders met 'n intuïtiewe (N) voorkeur verkry inligting deur 'n *sesde sintuig*. Hulle neig om

verbeeldingryk te wees, is kreatief en stel belang in toekomsmoontlikhede (Meisgeier, Murphy & Meisgeier, 1989: 3; Van Rooyen & De Beer, 1995: 23 - 24).

Die **TF-skaal** verwys na *die wyse waarop leerders oordeel en besluite neem* aangaande die inligting wat hulle waarneem.

Leerders met 'n denkevoorkeur (T) gebruik logika om besluite te neem. Hulle probeer om objektief te bly en besit die vermoë om probleme te analiseer. Hulle benadering tot hul werk is gewoonlik ernstig en doelgerig. Leerders met 'n gevoelvoorkeur (F) leun sterk op hul persoonlike waardesisteen wanneer hulle besluite neem. Hulle is geneig om die uitwerking van hul besluite op ander se gevoelens in ag te neem. Negatiewe houdings en disharmonie neig om hul prestasie negatief te affekteer (Meisgeier & Meisgeier, 1989: 22 - 24; Meisgeier, Murphy & Meisgeier, 1989: 3).

Die **JP-skaal** dui op 'n *lewensoriëntasie of houding*, en in leerders verwys dit spesifiek na *werkgewoonte*.

Leerders met 'n beoordelende (J) voorkeur het 'n ordelike, goed beplande en georganiseerde benadering tot hul werk. Hulle pak gewoonlik een projek op 'n slag aan en verkies om dit af te handel voordat daar met 'n volgende projek begin word. Leerders met 'n waarnemingsvoorkeur (P) neig om 'n meer spontane houding teenoor hul werk in te neem. Hulle weetgierigheid lei dikwels daartoe dat hulle aan 'n paar projekte op dieselfde tyd werk. Hul werkswyse neig dikwels om ongeorganiseerd en onsistematies te wees, wat tot probleme kan lei in 'n geordende milieu soos die skool (Meisgeier, Murphy & Meisgeier, 1989: 3; Murphy, 1992; Van Rooyen & De Beer, 1995: 22).

Die **U-bandkategorie** dui op 'n *ongedifferensieerde voorkeur*.

Die ontwikkeling van jong kinders strek oor 'n tydperk van etlike jare, en vir baie neem dit langer as vir ander om 'n tipevoorkeur te ontwikkel. Meeste kinders is daartoe geneig om relatief vinnig 'n voorkeur op een of twee van die skale te ontwikkel, maar neem langer om 'n voorkeur op elk van die skale tegelyk te ontwikkel. Die MMTIC maak egter voorsiening vir hierdie ontwikkeling van voorkeure deur middel van die U-bandkategorie. Volgens Meisgeier en Meisgeier (1989: 5-6) is daar soms 'n verandering in tipe soos wat kinders ouer word,

maar in meeste gevalle is dit meer algemeen om 'n verandering slegs in die U-band te sien, byvoorbeeld van 'n U (ongedifferensieerde voorkeur) na I (introversie).

Die MMTIC vraelys is op so 'n manier saamgestel dat dit **leesbaar is vir leerders vanaf graad drie tot sewe**. Die iteminhoud is verteenwoordigend van en relevant vir kinders se alledaagse leefwêreld. By jonger leerders asook leerders met leesprobleme, kan die MMTIC hardop voorgelees word. Die vraelys kan individueel of in groepe afgeneem word (Meisgeier & Murphy, 1987, Van Heerden, 1997).

Met die afneem van die MMTIC word leerders *gemotiveer om eerlike en spontane response te gee*. Die volgende inligting word saam met die instruksies gegee:

- **die MMTIC is nie 'n toets nie**
- **daar is nie 'n korrekte of verkeerde antwoord nie**
- **die MMTIC poog om inligting oor hoe leerders werklik dink en voel, te bekom.**

(Meisgeier & Murphy, 1987: 8; Van Heerden, 1996: 113).

Die inligting wat deur die afnemer van die MMTIC verkry en gebruik kan word, sluit die volgende in:

- **die persoonlikheidstipe van die leerder**
- **die voorkeurtellings op elke skaal**
- **die identifikasie van die ontwikkelende dominante en hulpfunksies**

(Meisgeier & Murphy, 1987).

3.3.5 Die nasiensistiem van die MMTIC

Die persoonlikheidstipevoorkeure van leerders word bepaal deur die gewigswaardes van items van dieselfde skaal, bymekaar te tel. Hoë tellings op elk van die skale dui op I, N, F en P voorkeure en lae tellings op elk van die skale dui op E, S, T en J voorkeure. Dit is belangrik om in aanmerking te neem dat tellings wat leerders kry slegs die **rigting** van sy bepaalde voorkeure aandui. Dit dui nie op 'n leerder se intellektuele vermoëns of ontwikkelingsvlak nie (Meisgeier & Murphy, 1987: 9; Van Heerden, 1997: 8).

Persoonlikheidstipes word bepaal deur die vier letters wat die voorkeure op elke skaal aandui. Duidelik voorkeure op die EI en JP skale toon 'n *ontwikkende dominante funksie aan*.

In die geval waar tellings nie hoog of laag is nie, kan 'n duidelike voorkeur nie onderskei word nie. Hierdie telling word na verwys as *U-bandtellings of ongedifferensieerde funksies*. Volgens Forqurean, Meisgeier & Swank (1989: 230) beteken dit dat die aanname gemaak kan word dat 'n persoonlikheidsvoorkeur nog nie ten volle ontwikkel is nie.

3.3.6 Betroubaarheid en geldigheid van MMTIC

Enige meetinstrument moet geldig en betroubaar wees voordat dit enigsins van waarde kan wees. *Betroubaarheid* verwys na die *konstantheid van meting* deur die herhaalde toepassing van die meetinstrument, terwyl *geldigheid* verwys na *die mate waarin die meetinstrument die konstrakte meet wat dit veronderstel is om te meet* (Huysamen, 1993: 117, 122 - 123).

3.3.6.1 Betroubaarheid van die MMTIC

i) Interne konstantheid en subgroeppetroubaarheid

Halfverdelingsmetodes is gebruik om die betroubaarheidskoëffisient vir elke skaal te bereken, en die Spearman-Brown metode is gebruik om die betroubaarheid van die meetinstrument te verkry (Meisgeier, Murphy & Swank, 1987: 19; Meisgeier & Murphy, 1987: 24, 25).

ii) Toets-hertoetsbetroubaarheid

Die toets-hertoets betroubaarheid is ondersoek deur die meetinstrument na 'n periode van vyf weke op 579 van die oorspronklike 1506 leerders te hertoets. Die resultate het aangetoon dat 70% van die leerders geen voorkeurveranderinge aangetoon het nie, terwyl 94% slegs een voorkeurverandering aangedui het (Meisgeier, Murphy & Swank, 1987: 19).

3.3.6.2 Kriteriumgeldigheid van die MMTIC

As deel van die geldigheidsproses is drie verskillende meetinstrumente met die MMTIC vergelyk, naamlik die **Children's Personality Questionnaire (CPQ)**, die **Learning Pattern Assessment (LPA)** en die **Learning Preference Inventory (LPI)**.

i) Die Children's Personality Questionnaire (CPQ)

Daar is 'n sterk verband tussen MMTIC se EI skaal en die ekstroversie- en uitgaande faktore van die CPQ. 'n Addisionele korrelasie is verkry tussen die TF en JP skale van die MMTIC en die angsskaal van die CPQ. Meisgeier, Murphy en Swank (1987: 20) vind die JP skaal se korrelasie uitsonderlik omdat leerders met 'n P voorkeur 'n hoër angspeil aandui as leerders met 'n J voorkeur. Die hoë korrelasie tussen die MMTIC en sekere van die CPQ skale is egter 'n bevestiging van die konstruksiegeldigheid van die MMTIC (Meisgeier & Murphy, 1987: 27 - 32; Meisgeier, Murphy & Swank, 1987: 20; Van Heerden, 1996: 121).

ii) Die Learning Preference Inventory (LPI)

Die LPI is 'n instrument wat dieselfde funksiekombinasies (SF, ST, NF, NT) en introversie- en ekstroversie skale as die MMTIC meet. Daar is 'n korrelasie tussen die introversie skale in beide instrumente. Die SF, ST en NT funksiekombinasies toon 'n positiewe korrelasie met die LPQ skale met dieselfde naamterme. Slegs een funksiekombinasie, die NF, korreleer nie met die LP se NF funksiekombinasie nie (Meisgeier, Murphy & Swank, 1987: 17).

iii) Die Learning Pattern Assessment (LPA)

Die LPA is in 1982 deur Galay saamgestel en meet die leerstyle van leerders. Dit is gebaseer op Keirseley en Bates se temperamenttipes. Geen betekenisvolle korrelasie tussen die LPA en die MMTIC is gevind nie, en Meisgeier, Murphy en Swank (1987: 17) skryf dit toe aan die bekendheid van die toetsafnemer aan die kinders wat hul response kan beïnvloed.

3.3.6.3 Inhoudsgeldigheid van die MMTIC

Die inhoudsgeldigheid van 'n instrument verwys na die mate waarin die inhoud van die toets die universum verteenwoordig (Huysamen, 1993: 120). Dit behels 'n kritiese beoordeling en evaluering deur kundiges op 'n bepaalde vakgebied. Vir die vasstelling van inhoudsgeldigheid van die MMTIC is 21 kundiges bekend met Jung se tipologie gevra om die 5-punt Likert skaal te gebruik vir die beoordeling van die volgende:

- die items van die MMTIC
- die instrument in sy geheel
- hul eie kennis van jong leerders
- hul eie kennis van persoonlikheidstipes

Met 'n gemiddelde telling van 4,1, waar 'n telling van 3,0 as betekenisvol beskou word, is bevestiging verkry dat hierdie meetinstrument 'n akkurate weergawe is van die konsepte en teorie onderliggend aan persoonlikheidstipes en persoonlikheidstipe voorkeure (Meisgeier & Murphy, 1987: 33).

3.3.7 Tekortkominge van die MMTIC

Alhoewel die MMTIC 'n uitstekende meetinstrument is, is daar volgens Van Heerden (1996: 116 - 118), etlike tekortkominge:

- Data kan moontlik verdraai word as gevolg van sekere voordele, houdings, bewuste en onbewuste motiewe, asook selfbeskermingstendense (sosiale gewenstheid) deur die respondente. Die redes wat hiertoe kan bydra sluit in:
 - respondente is bewus daarvan dat hulle geëvalueer word en tree derhalwe atipies op;
 - respondente voltooi die vraelys op grond van hul eie subjektiewe interpretasie van wat hulle dink die doel van die evaluering is;
 - respondente het 'n belangelose, traak-my-nie-agtige houding teenoor die evaluering;
 - respondente verstaan nie die vrae nie en beantwoord op 'n inkonsekwente wyse;

- respondente gee doelbewus onakkurate voorkeure omdat hulle wil verander of die beeld wat hulle van hulself het, geheim te hou;
 - respondente reageer soos wat hulle dink sosiaal aanvaarbaar is, of om opvoeders, ouers of portuurgroep se goedkeuring te kry;
 - respondente kies die response wat die waardes van hul etniese/kultuurgroep reflekteer;
 - respondente het persoonlike voorkeure wat nog nie ten volle ontwikkel is nie;
 - respondente mag ten tye van evaluering 'n krisis beleef wat moontlik tot gebrekkige of beperkte selfkennis lei, of tot ambivalensie en verwardheid aangaande persoonlike voorkeure.
- Selfevalueringsvraelyste steun uitsluitlik op 'n respondent se verbale vermoëns. Intellektuele vermoëns, leesvlak met betrekking tot leespoed en begrip, speel egter ook 'n belangrike rol in die aflegging van selfevalueringsvraelyste.
 - Selfevalueringsvraelyste kan ook beperkend wees in die meting van die konstruk wat dit veronderstel is om te meet. Konstrukte is juis omvattende begrippe wat moeilik in 'n woord of sin weergee kan word.
 - Selfevalueringsvraelyste meet bepaalde eienskappe, vermoëns en vaardighede wat oor 'n tydperk redelik konstant bly. Maar sommige van hierdie instrumente bly sensitief vir die invloed van onafhanklike veranderlikes soos gemoedstoestand, en is geneig om dit in die resultate te reflekteer.

Nietemin bly die MMTIC steeds 'n waardevolle meetinstrument en word daar op die oomblik aan die hersiening van die huidige vorm gewerk.

3.3.8 Die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children - Revised

Die MMTIC-Revised is saamgestel deur Elizabeth Murphy en Charles Meisgeier. Dit is gegrond op dieselfde teorie en beginsels as die MMTIC. Die MMTIC is reeds vir meer as 'n dekade in gebruik in die VSA en in 'n poging om die instrument meer universeel bruikbaar - oor kultuurgrense heen te maak, is die samestellers besig om 'n hersiene weergawe te ontwikkel. Die hersiene weergawe wat in hierdie ondersoek gebruik is, maak dus deel uit van

die ontwikkelingsproses van die MMTIC-R en behoort dus nie as die finale produk beskou te word nie.

Die hersiene weergawe verskil van die MMTIC deur dat die stelwyse van enkele van die items verander is tot enkelwoordkonsepte. Die MMTIC-R bestaan uit 103 items teenoor die 70 items van die MMTIC. Murphy meld egter in 'n persoonlike gesprek in Desember 1997 dat daar moontlik uiteindelik slegs 93 items in die finale vorm gaan wees, aangesien veral jonger leerders die 103-itemvraelys lank en uitputtend vind. Ten tye van die gesprek was daar nog nie enige formele inligting in die vorm van tydskrifartikels of ander tipe publikasies beskikbaar nie.

3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die doel, ontwikkeling en samestelling van beide die MBTI en die MMTIC bespreek. Daar is kortliks na die MMTIC-R verwys omdat hierdie instrument nog in 'n proses van ontwikkeling en verfyning is. In die volgende hoofstuk word die empiriese ondersoek uiteengesit.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk verskaf 'n oorsig van die empiriese ondersoek. Dit sluit in die doelstelling, die ondersoekgroep, die ondersoekprosedure en die statistiese prosedures en tegnieke.

4.2 Doel van die ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek is om die resultate van die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children (MMTIC) en die Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children-Revised (MMTIC-R) te vergelyk soos van toepassing op 'n groep laerskoolleerders. Deur middel van hierdie vergelyking kan bepaal word of daar ooreenstemming of verskille is ten opsigte van persoonlikheidstipe, persoonlikheidstipevoorkeure, temperamentstipe en funksie- en houdingspaarvoorkeure, sowel as die geldigheid en betroubaarheidsvlakke van die twee meetinstrumente vir hierdie bepaalde groep leerders.

4.3 Die Onderzoekgroep

Die ondersoekgroep bestaan uit 162 Xhosasprekendes met Engels as 1ste taalonderrig aan 'n laerskool in die Wes-Kaap.

Die skool was gekies vir gerieflikheidsomthelwe aangesien die navorser hier onderrig het, en die ondersoekgroep dus maklik bereikbaar. Die skool bestaan uit 879 leerders, met 488 leerders in die senior primêre klasse (graad 4-7) en 391 leerders in die junior primêre klasse (graad 1-3). Die seun-meisie-ratio in die skool is 1:1 soos weerspieël in Tabel 4.1.

Tabel 4.1: Samestelling van leerders volgens geslag en graad

	SEUNS	MEISIES	TOTAAL
Graad 4 - 7	240	248	488
Graad 1 - 3	205	186	391
TOTAAL	445	434	879

Leerders is op grond van die volgende kriteria geselekteer: Xhosa sprekers uit beide geslagte tussen die ouderdomme 10 en 13 jaar, wat graad een in 'n Engelsmedium skool begin het, of ten minste vier jaar onderrig in Engels ontvang het. Hierdie kandidate moes addisioneel die vorige eksamen vir Engels as vak tussen 70% (bogemiddeld) en 95% (uitstekend) behaal het om in die ondersoekgroep ingesluit te kon word. Die samestelling van die ondersoekgroep word in Tabel 4.2 uiteengesit.

Tabel 4.2: Samestelling van ondersoekgroep volgens geslag en graad

GRAAD	SEUNS	MEISIES	TOTAAL	%
7	30	30	60	37,03
6	19	30	49	30,25
5	10	17	27	16,67
4	7	19	26	16,05
TOTAAL	66	96	162	100,00

4.4 Die ondersoekprosedure

Beide die MMTIC en MMTIC-R is in Engels, volgens die instruksies soos in die handleiding deur die ondersoeker self afgeneem. Leerders is volgens skoolgrade in groepe verdeel. Daar is vooraf kortliks aan hulle verduidelik wat die doel van die ondersoek is. Nadat elke leerder van 'n vraelys voorsien is, is die instruksies hardop voorgelees en die voorbeelde gesamentlik voltooi. Vir die graad vier-leerders is die vraelys hardop voorgelees. Leerders is deurentyd aangemoedig om spontane response op elke item te lewer.

Sessies met elke graadgroep het tussen 35 en 50 minute geduur. Daar is toegesien dat die tydsverloop tussen die twee toetssessies met twee weke verleng is om oordrag te verhoed.

4.5 Statistiese prosedure en tegnieke

Die SAS-sisteem is vir die statistiese bewerking van hierdie ondersoek gebruik en sluit frekwensie- en korrelasie-analise in.

4.5.1 Die CHI-kwadraatstatistiek (χ^2)

Die CHI-kwadraatstatistiek word gebruik om die relatiewe frekwensie in 'n populasie te evalueer, en reflekteer gewoonlik 'n diskrepansie tussen die verwagte en die geobserveerde frekwensies (Kaplan, 1987: 267). Die χ^2 is dus 'n nie-parametriese metode waarin die gevolgtrekkings nie berus op die eienskappe van die normale verspreiding nie (Du Toit, 1985: 221). Vereistes vir die gebruik van hierdie statistiek sluit die volgende in: dat data rou frekwensies is, dat selle nie te klein is nie, dat die som van die verwagte frekwensies dieselfde is as dié van die geobserveerde frekwensies en dat groepe onafhanklik is.

4.5.2 Die Pearson se produkmoment korrelasiekoëffisiënt (r)

Die Pearson se produkmoment-korrelasiekoëffisiënt is die statistiek wat gebruik word om die verband tussen twee veranderlikes te meet (Lehman, 1991: 175). Volgens Du Toit (1985: 152) is hierdie metode slegs geldig as die gegewens in die vorm van tellings of prestasies is, die verband reglynig is en as die verspreidings naastebly normaal is.

In hierdie studie word die Pearson korrelasiekoëffisiënt gebruik om die korrelasie tussen die routellings van die twee meetinstrumente sowel as die item-tot-skaalkorrelasie te bereken.

4.5.3 Spearman se rangordekorrelasie (ρ)

Hierdie berekening gee 'n aanduiding van die aard van die verband tussen twee stelle gegewens, veral in die geval waar die veranderlikes op 'n ordinale, interval- of ratioskaal gemeet word (Kaplan, 1987: 233; Lehman, 1991: 183).

4.5.4 Die McNemar-toets

Die McNemar toets is 'n statistiese tegniek wat gebruik word om te bepaal of daar 'n verskil is tussen persentasies in die geval van twee gekorreleerde veranderlikes. Dit is 'n nie-parametriese statistiek en verteenwoordigend van die Chi-kwadraat (Gouws, et al, 1979: 181-182). In hierdie ondersoek word daar deur middel van hierdie toets probeer bepaal of daar 'n statisties beduidende verskil of assosiasie tussen die twee stelle data is, d.w.s die resultate soos verkry op beide die MMTIC en MMTIC-R.

4.5.5 Faktorontleding

Hierdie statistiese tegniek, waarvoor die rotasie metode "Varimax" vir die doeleindes van hierdie ondersoek gebruik is, dui volgens Gouws, et al (1978) patrone van onderlinge verwantskappe in 'n stel veranderlikes aan. Dit word aangewend om die klassifikasie van meetbare veranderlikes in groepe te vergemaklik. Die veranderlikes is gewoonlik verwant aan 'n bepaalde faktor, en 'n naam word aan elke faktor toegeken op grond van die veranderlikes wat die hoogste faktorladings daarop het (Gouws, et al, 1979: 82).

4.6 Geldigheid

Geldigheid verwys na die mate waarin 'n meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet, dus dui dit op die praktiese bruikbaarheid van 'n meetinstrument (Gouws, et al, 1979: 98; Huysamen, 1993: 122 - 123). Daar word tussen inhoudsgeldigheid, konstruktorgeldigheid en empiriese geldigheid onderskei. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word daar spesifiek na die konstruktorgeldigheid van die twee meetinstrumente gekyk deur middel van faktorontleding.

4.7 Betroubaarheid

Betroubaarheid verwys na die konstantheid van meting deur die herhaalde toepassing van 'n meetinstrument. Dit is dus 'n eienskap wat meebring dat daar staatgemaak kan word op 'n meetinstrument (Gouws, et al, 1979: 35). Daar bestaan verskillende metodes om die vlak van betroubaarheid te bepaal en in hierdie ondersoek word daar na die interne konstantheid

van albei meetinstrumente gekyk. Die Cronbach alpha koëffisiënt is vir hierdie doeleinde uitgevoer.

4.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar verwys na die doel van hierdie ondersoek, die samestelling van die ondersoekgroep, die ondersoekprosedure asook die statistiese prosedure en tegnieke. In die volgende hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek uiteengesit

HOOFSTUK 5

DIE RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek uiteengesit.

5.2 BESKRYWENDE STATISTIEK VIR DIE ONDERSOEKGROEP

5.2.1 Vergelyking van persoonlikheidstipes van die ondersoekgroep op die MMTIC en

MMTIC-R

5.2.1.1 Inleiding

Frekwensieverspreidings is gebruik om die ooreenkomste tussen persoonlikheidstipes en persoonlikheidstipevoorkeure op die MMTIC en MMTIC-R te bepaal. In Tabel 5.1 word die frekwensieverspreiding van die tellings sonder die U-bandkategorie weergegee, wat beteken dat slegs die tellings van leerders met 'n duidelik gespesifiseerde persoonlikheidstipe op elk van die skale in aanmerking geneem is (% U-bandkategorie weggelaat: MMTIC = 82,09%, MMTIC-R = 58,38%).

Tabel 5.1:

Frekwensieverspreiding van die ondersoekgroep vir die 16 persoonlikheidstipes volgens die MMTIC en MMTIC-R (U-bandkategorie uitgesluit) (MMTIC: n=29; MMTIC-R: n=67)

Vraelys	16 Persoonlikheidstipes			
	ISTJ	ISFJ	INFJ	INTJ
MMTIC	n=2 %=1,2	n=7 %=4,3	n=0 %=0,0	n=0 %=0,0
MMTIC-R	n=7 %=4,3	n=10 %=6,2	n=1 %=0,6	n=0 %=0,0
	ISTP	ISFP	INFP	INTP
MMTIC	n=0 %=0,0	n=0 %=0,0	n=2 %=1,2	n=0 %=0,0
MMTIC-R	n=0 %=0,0	n=0 %=0,0	n=1 %=0,6	n=1 %=0,6
	ESTP	ESFP	ENFP	ENTP
MMTIC	n=0 %=0,0	n=7 %=4,3	n=2 %=1,2	n=0 %=0,0
MMTIC-R	n=0 %=0,0	n=1 %=0,6	n=4 %=2,5	n=0 %=0,0
	ESTJ	ESFJ	ENFJ	ENTJ
MMTIC	n=0 %=0,0	n=7 %=4,3	n=2 %=1,2	n=0 %=0,0
MMTIC-R	n=19 %=13,0	n=21 %=18,11	n=2 %=1,2	n=0 %=0,0

Volgens die resultate in Tabel 5.1 het meer respondente op die MMTIC-R 'n gespesifiseerde persoonlikheidstipe aangedui as op die MMTIC. Die mees algemeenste persoonlikheidstipe op die MMTIC-R is ESFJ (18,11%) gevolg deur ESTJ (13,0%), ISFJ (6,2%) en ISTJ (4,3%). Op die MMTIC is die persoonlikheidstipes ESFJ, ESFP en ISFJ met dieselfde frekwensie (4,3%) aangedui. Die persoonlikheidstipes wat op albei meetinstrumente deur geen van die respondente aangedui is nie sluit in ISTP, ESTP, ISFP, INTJ, ENTP en ENTJ. Die persoonlikheidstipe met die hoogste frekwensie van ooreenkoms op albei meetinstrumente is ESFJ.

5.2.1.2 Vergelyking van persoonlikheidstipevoorkeure van die MMTIC en MMTIC-R (U-bandkategorie ingesluit).

Tabel 5.2:

Frekensieverspreiding van persoonlikheidstipes van die onderzoekgroep (U-bandkategorie ingesluit) volgens die MMTIC (n=162) en MMTIC-R (n=160)

Vraelys Tipe Voorkeur	MMTIC						MMTIC-R					
	E		U		I		E		U		I	
	Frek	%	Frek	%	Frek	%	Frek	%	Frek	%	Frek	%
NFJ	2	1,2	0	0,0	0	0,0	2	1,2	2	1,2	1	0,6
NFP	2	1,2	1	0,6	2	1,2	4	2,5	0	0,0	1	0,6
NFU	1	0,6	2	1,2,0,	2	1,2	2	1,2	1	0,6	1	0,6
NTJ	0	0,6	1	6	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
NTP	0	0,0	1	0,6	0	0,0	0	0,0	0	0,0	1	0,6
NTU	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	1	0,6	0	0,0
NUJ	1	0,6	0	0,0	0	0,0	2	1,2	0	0,0	0	0,0
NUP	1	0,6	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
NUU	0	0,0	2	1,2	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
SFJ	19	11,7	13	8,0	7	4,3	21	13,0	10	6,2	10	6,2
SFP	7	4,3	4	2,5	0	0,0	1	0,6	1	0,6	0	0,0
SFU	10	6,2	1	0,6	2	1,2	1	0,6	1	0,6	2	1,2
STJ	7	4,3	6	3,7	2	1,2	19	11,8	4	2,5	7	4,3
STP	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
STU	1	0,6	0	0,0	0	0,0	0	0,0	1	0,6	0	0,0
SUJ	14	8,6	6	3,7	5	3,1	8	5,0	6	3,7	6	3,7
SUP	1	0,6	1	0,6	0	0,6	0	0,0	0	0,0	0	0,0
SUU	2	1,2	1	0,6	2	1,2	1	0,6	0	0,0	1	0,6
UFJ	8	4,9	5	3,1	2	1,2	4	2,5	8	5,0	6	3,7
UFP	4	2,5	3	1,9	0	0,0	1	0,6	2	1,2	1	0,6
UFU	2	1,2	0	0,0	1	0,6	3	1,9	1	0,6	2	1,2
UTJ	2	1,2	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	3	1,9
UTP	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0
UTU	0	0,0	0	0,0	0	0,0	1	0,6	0	0,0	0	0,0
UUJ	1	0,6	2	1,2	0	0,0	4	2,5	2	1,2	3	1,9
UUP	0	0,0	0	0,0	2	1,2	0	0,0	0	0,0	1	0,60
UUU	0	0,0	0	0,0	1	0,6	0	0,0	0	0,0	0	0,6
TOTAAL	85	52,5	49	30,2	28	17,3	74	46,26	40	25	46	28,8

(2 waardes verlore)

Volgens Tabel 5.2 is die mees algemene persoonlikheidstipe op die MMTIC as ESFJ (11,7%) gevolg deur ESUJ (8,6%), USFJ (8,0%) en ESFU (6,2%) aangedui. Op die MMTIC-R is die persoonlikheidstipes ESFJ (13,0%) gevolg deur ESTJ (11,8%), USFJ (6,2%) en ISFJ (6,2%) as die mees algemene voorkeure aangedui.

5.2.1.3 Vergelyking van persoonlikheidstipevoorkeure van die ondersoekgroep op die MMTIC en MMTIC-R waar geen of slegs een ongedifferensieerde voorkeur op enige van die vier skale voorkom

Die frekwensieverspreiding van persoonlikheidstipevoorkeure waar geen of slegs een ongedifferensieerde voorkeur voorkom word vir die MMTIC in Tabel 5.3 en vir die MMTIC-R in Tabel 5.4 weergegee.

Tabel 5.3:
Persoonlikheidstipevoorkeure van die ondersoekgroep soos aangedui op die MMTIC (U-bandkategorie ingesluit)

Meetinstrument	MMTIC	
	n	%
Persoonlikheidstipevoorkeur		
ESFJ	19	11,7
ESUJ	14	8,6
EUFJ	8	4,9
ESFP	7	4,3
ESTJ	7	4,3
ISFJ	7	4,3
USFJ	13	8,0
Totaal	75	46,1

E: Ekstroversie I: Introversie S: Sintuiglik N: Intuisie T: Denke F: Gevoel
J: Beoordelend P: Waarnemend U: Ongespesifiseerd

Volgens Tabel 5.3 is daar 'n sterk voorkeur vir die ESFJ persoonlikheidstipe. Negentien (11,7%) van die 75 respondente het ESFJ as 'n duidelike voorkeur aangedui, terwyl 35 (21,5%) van die 75 respondente 'n voorkeur op ten minste drie van die vier ESFJ skale aangedui het. Die oorblywende 21 (12,9%) respondente is eweredig versprei oor die duidelik gespesifiseerde persoonlikheidstipes: ESFP (4,3%), ESTJ (4,3%) en ISFJ (4,3%).

Tabel 5.4:
Persoonlikheidstipevoorkeure van die ondersoekgroep soos aangedui op die MMTIC-R (U-bandkategorie ingesluit)

Meetinstrument	MMTIC-R	
	n	%
Persoonlikheidstipevoorkeur		
ESFJ	21	13,0
USFJ	10	6,2
ISFJ	10	6,2
ESTJ	19	11,8
ISTJ	7	4,3
ESUJ	8	5,0
ISUJ	6	3,7
Totaal	81	50,2

E: Ekstroversie I: Introversie S: Sintuiglik N: Intuisie T: Denke F: Gevoel
J: Beoordelend P: Waarnemend U: Ongespesifiseerd

Tabel 5.4 dui op 'n sterk voorkeur vir die ESFJ persoonlikheidstipe. Een-en-twintig (13,0%) van die 81 respondente het ESFJ as 'n duidelik gespesifiseerde persoonlikheidstipe aangedui, terwyl

18 (11,2%) van die 81 respondente 'n voorkeur op ten minste drie van die vier ESFJ skale aangedui het. Voorkeure vir ander duidelik gespesifiseerde persoonlikheidstipes sluit in ESTJ (11,8%), ISFJ (6,2%) en ISTJ (4,3%). Ses (3,7%) respondente het 'n voorkeur vir die persoonlikheidstipe ISUJ aangedui.

5.2.1.4 Persoonlikheidstipevoorkeure op die vier skale afsonderlik soos aangedui op beide die MMTIC en MMTIC-R (U-band kategorie ingesluit)

Die frekwensieverspreiding van die voorkeure op elk van die vier skale (U-bandkategorie ingesluit) soos aangedui op elk van die meetinstrumente word weergegee in Tabel 5.5 en Tabel 5.6.

Tabel 5.5:
Frekwensieverspreiding van voorkeure op die vier skale vir die ondersoekgroep soos aangedui op die MMTIC (U-bandkategorie ingesluit)

Skale	n	%
E	85	52,5
U	49	30,2
I	28	17,3
Totaal	162	100
S	111	68,5
U	33	20,4
N	18	11,1
Totaal	162	100
T	20	12,3
U	42	25,9
F	100	61,7
Totaal	162	100
J	103	63,6
U	30	18,5
P	29	17,9
Totaal	162	100

E: Ekstroversie I: Introversie S: Sintuiglik N: Intuisie T: Denke F: Gevoel
J: Beoordelend P: Waarnemend U: Ongespesifiseerd

Volgens Tabel 5.5 het die respondente op die MMTIC hoofsaaklik E(52,5%), S(68,5%), F(61,7%) en J(63,6%) voorkeure getoon. Die sintuiglike en gevoelsfunksies, sowel as die beoordelende houding is as sterk voorkeure aangedui. 'n Hoë U-bandtelling op die EI en TF skale is 'n moontlike aanduiding van persoonlikheidstipevoorkeure wat nog nie ten volle ontwikkel is nie (Meisgeier & Murphy, 1987:9).

Tabel 5.6:
Frekwensieverspreiding van voorkeure op die vier skale vir die onderoekgroep soos aangedui op die MMTIC-R (U-bandkategorie ingesluit)

Skale	n	%
E	74	46,0
U	41	25,5
I	46	28,6
Totaal	161	
S	100	62,5
U	42	26,3
N	18	11,3
Totaal	161	
T	37	23,0
U	34	21,3
F	90	55,9
Totaal	161	
J	129	80,1
U	13	11,8
P	19	8,1
Totaal	161	

E: Ekstroversie I: Introversie S: Sintuiglik N: Intuisie T: Denke F: Gevoel
 J: Beoordelend P: Waarnemend U: Ongespesifiseerd
 Frekwensie uitgelaat = 1

Volgens Tabel 5.6 het die respondente op die MMTIC-R hoofsaaklik E(46,0%), S(62,5%), F(55,9%) en J(80,1%) as voorkeure getoon. Die sintuiglike funksie en beoordelende houding is as sterk voorkeure aangedui. Die U-bandtellings op die EI en SN skale is hoog, wat 'n moontlike aanduiding is van persoonlikheidstipevoorkeure wat nog nie ten volle ontwikkel is nie.

5.2.1.5 Die vier temperamentstipes volgens die MMTIC en die MMTIC-R

Die volgende vier kombinasies word beskou as die temperamentstipes: NF (intuisie en gevoel), NT (intuisie en denke), SJ (sintuiglik en beoordelend), en SP (sintuiglik en waarnemend). Die frekwensie van voorkeur van die vier temperamentstipes soos aangedui deur die onderoekgroep op albei instrumente word in Tabel 5.7 uiteengesit.

Tabel 5.7:

Die frekwensie van voorkeure vir die vier temperamentstipes van die ondergroep volgens die MMTIC en MMTIC-R (U-Band kategorie uitgesluit)

Kombinasie van SN en TF skale	MMTIC		MMTIC-R	
	n	%	n	%
NF (Intuitief-Gevoel)	12	7,4	14	8,7
NT (Intuitief-Denke)	2	1,2	2	1,2
Kombinasie van SN en JP skale	n	%	n	%
SJ (Sintuiglik-Beoordelend)	79	48,8	91	56,5
SP (Sintuiglik-Waarnemend)	13	8,0	2	1,2

Die temperamentstipe wat in Tabel 5.7 op albei meetinstrumente deur respondente as voorkeur aangedui is, is SJ: sintuiglik en beoordelend. 'n SJ voorkeur van 48,8% is op die MMTIC aangedui, teenoor 56,5% op die MMTIC-R.

5.2.1.6 Die vier funksiepare volgens die MMTIC en MMTIC-R

Die vier funksiepare sluit die volgende in: NF (intuisie en gevoel), NT (intuisie en denke), SF (sintuiglik en gevoel), en ST (sintuiglik en denke). Die frekwensieverspreiding van die vier funksiepare van die ondergroep volgens albei instrumente word in Tabel 5.8 weergegee.

Tabel 5.8:

Die frekwensieverspreiding van die vier funksiepare van die ondergroep volgens die MMTIC en MMTIC-R (U-bandkategorie uitgesluit)

Kombinasie van SN en TF skale	MMTIC		MMTIC-R	
	n	%	n	%
NF (Intuitief-Gevoel)	12	7,4	14	8,7
NT (Intuitief-Denkend)	2	1,2	2	1,2
SF (Sintuiglik-Gevoel)	63	38,9	47	29,2
ST (Sintuiglik-Denkend)	16	9,9	31	19,3

Die funksiepare wat in Tabel 5.8 op albei meetinstrumente deur respondente as voorkeur aangedui is, is SF: sintuiglik en gevoel. 'n SF voorkeur van 38,9% is op die MMTIC aangedui, teenoor 29,2% op die MMTIC-R. Die ST (sintuiglik en denke) funksiepaar is op die MMTIC-R (19,3%) ook as 'n sterk voorkeur aangedui en in 'n mindere mate as voorkeur op die MMTIC (9,9%).

5.2.1.7 Die vier houdingspare volgens die MMTIC en MMTIC-R

Die houdings E: ekstroversie, I: introversie, J: beoordelend en P: waarnemend dui aan hoe persone verkies om met hulle wêreld om te gaan, en dit verwys hoofsaaklik na

kommunikasiestyle. Die vier kombinasies sluit in EJ, EP, IJ en IP. Die frekwensie waarmee hulle deur die ondersoekgroep verkies is word in Tabel 5.9 weergee.

Tabel 5.9:

Die frekwensie van voorkeure vir die vier houdingspare van die ondersoekgroep volgens die MMTIC en MMTIC-R (U-bandkategorie uitgesluit)

Kombinasie van EI en JP skale	MMTIC		MMTIC-R	
	n	%	n	%
EJ (Ekstroversief-Beoordelend)	54	33,3	60	37,3
EP (Ekstroversief-Waarnemend)	15	9,3	6	3,7
IJ (Introvertief-Beoordelend)	16	9,0	36	22,4
IP (Introvertief-Waarnemend)	4	2,5	4	2,5

Volgens Tabel 5.9 is die EJ houdingspaarkombinasie op albei meetinstrumente 'n duidelike voorkeur. Op die MMTIC het 33,3% van die respondente die EJ houdingspaar as voorkeur aangedui, teenoor die 37,3% op die MMTIC-R. Die IJ houdingspaarkombinasie is op die MMTIC-R (22,4%) ook as 'n sterk voorkeur aangedui.

5.2.1.8 Samevatting

Die MMTIC en MMTIC-R dui ESFJ as die oorheersende persoonlikheidstipe-voorkeurkombinasie aan. Die twee meetinstrumente verskil op al vier skale afsonderlik (EI, SN, TF en JP) ten opsigte van persentasies, maar stem wel ooreen ten opsigte van voorkeure vir E (ekstroversie), S (sintuiglik), F (gevoel) en J (beoordelend) soos aangedui in Tabel 5.5 en Tabel 5.6. Die U-bandtellings op die MMTIC is hoog vir die EI en TF skale, en op die MMTIC-R vir die EI en SN skale.

Die SJ temperamentstipe is deur die respondente in die ondersoekgroep op albei meetinstrumente as voorkeur aangedui. Voorkeure vir die funksiepare SF gevolg deur ST is oorheersend op albei die MMTIC en MMTIC-R aangedui, en respondente het op die MMTIC EJ as houdingspaarvoorkeur aangedui, terwyl hulle EJ en IJ as houdingspaarvoorkeure op die MMTIC-R aangedui het.

5.2.2 Die korrelasie tussen die response van die ondersoekgroep op die vier skale van die MMTIC en MMTIC-R

5.2.2.1 Inleiding

In hierdie afdeling van die ondersoek word twee statistiese prosedures gebruik om te bepaal of daar 'n verband is tussen die MMTIC en MMTIC-R op elk van die vier skale (die nulhipotese: daar bestaan geen verband tussen die MMTIC en MMTIC-R ten opsigte van die vier afsonderlike skale

nie). Die Pearson korrelasiekoëffisiënt word in hierdie geval toegepas omdat daar met routellings gewerk word en McNemar toets word gebruik om die statistiese beduidenheid van die ondersoek te bepaal.

5.2.2.2 *Pearson korrelasiekoëffisiënt*

Vir die doeleinde van hierdie ondersoek word $p \leq 0,05$ as statisties beduidend beskou. Indien $p \leq 0,05$ is, kan die afleiding gemaak word dat daar wel 'n beduidende verband tussen die skale is. In Tabel 5.10 word die korrelasies tussen die routellings op elk van die vier skale aangedui.

Tabel 5.10:
Korrelasie tussen die routellings op elk van die vier skale op die MMTIC en MMTIC-R

Skaal	Korrelasiekoëffisiënt	P-Waarde
EI (Ekstroversie-Introversie)	0,67177	0,0001
SN (Sintuiglik-Intuisie)	0,66995	0,0001
TF (Denke-Gevoel)	0,57635	0,0001
JP (Beoordelend-Waarnemend)	0,69829	0,0001

Die tellings in Tabel 5.10 dui daarop dat daar 'n statisties beduidende korrelasie is tussen al vier skale afsonderlik op die MMTIC en MMTIC-R. Dit kan dus beteken dat respondente met 'n hoë telling op 'n bepaalde skaal op die een meetinstrument, 'n lae telling kan hê vir dieselfde skaal op die ander meetinstrument

5.2.2.3 *Die McNemar toets*

Die McNemar toets is vir hierdie ondersoek gebruik omdat elke respondent in die ondersoekgroep as sy eie kontrole gebruik word (Du Toit, 1985:320). Daar word in hierdie ondersoek na die McNemar toets verwys as die CMH statistiek (chi-kwadraat).

5.2.2.3.1 Die frekwensieverspreiding van tellings op die EI Skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die onderoekgroep

Tabel 5.11:

Frekwensieverspreiding van tellings op die EI Skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die onderoekgroep (U-bandkategorie ingesluit)

Skaal		MMTIC-R			
		E	U	I	Totaal
MMTIC	E	53 32,92	23 14,29	9 5,59	85 52,80%
	U	20 12,42	13 8,07	15 9,32	48 29,81%
	I	1 0,62	5 3,11	22 13,66	28 17,39%
Totaal		74	41	46	
%		45,96%	25,47%	28,57%	
CMH: 2,822					p = 0,170

E: Ekstroversie

U: Ongespesifiseerd

I: Introversie

CMH: Cochran-Mantel-Haenszel Statistiek

Data in die selle is soos volg aangedui:

n = aantal respondente

% van onderoekgroep

'n Chi-kwadrat van 2,822 met $p > 0,05$ is verkry wat daarop dui dat geen patroon van assosiasie sterk genoeg of konstant genoeg is om die ander te oorheers nie. Daar bestaan dus geen statisties beduidende korrelasie tussen die twee stelle resultate nie. Voorkeure vir E is sterk op albei instrumente, alhoewel swakker in die geval van MMTIC-R (45,96% teenoor 52,80% op die MMTIC). Die I skaal dui 'n voorkeursverskuiwing aan vanaf 17,39% op die MMTIC tot 28,57% op die MMTIC-R. Die U-bandkategorie dui slegs 'n geringe voorkeurverandering van 29,81% op die MMTIC tot 27,47% op die MMTIC-R

5.2.2.3.1 Die frekwensieverspreiding van tellings op die SN Skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep

Tabel 5.12:

Frekwensieverspreiding van tellings op die SN Skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep (U-bandkategorie ingesluit)

Vraelys		MMTIC-R			
	Skaal	S	U	N	Totaal
MMTIC	S	79 49,38	26 16,25	4 2,50	109 68,13%
	U	17 10,63	9 5,63	7 4,38	33 20,63%
	N	4 2,50	7 4,38	7 4,38	18 11,25%
Totaal		100	42	18	
%		62,50%	26,25%	11,25%	
CMH: 0,004					p = -0,015

S: Sintuiglik

U: Ongespesifiseerd

N: Intuisie

CMH: Cochran-Mantel-Haenszel Statistiek

Data in die selle is soos volg aangedui:

n = aantal respndente

% van ondersoekgroep

Vir die SN skaal is die chi-kwadraat 0,004 met $p < 0,05$ en bestaan daar dus 'n statisties beduidende korrelasie tussen die twee stelle data. Voorkeure vir S is sterk op albei instrumente: MMTIC (68,13%), MMTIC-R (62,50%). Die U-bandkategorie dui op 'n voorkeurverskuiwing vanaf 20,63% op die MMTIC tot 26,25% op die MMTIC-R. Voorkeure vir N is op albei instrumente laag (11,25%).

5.2.2.3.2 Die frekwensieverspreiding van tellings op die TF Skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep

Tabel 5.13:
Frekwensieverspreiding van tellings op die TF Skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep (U-bandkategorie ingesluit)

Vraelys		MMTIC-R			
	Skaal	T	U	F	Totaal
MMTIC	T	12 7,45	5 3,11	3 1,86	20 12,42%
	U	15 9,32	13 8,07	14 8,70	42 26,09%
	F	10 6,21	16 9,94	73 45,34	11 61,49%
Totaal		37	34	90	
%		22,98%	21,12%	55,90%	
CMH: 16,579					p = 0,372

T: Denkend

U: Ongespesifiseerd

F: Gevoel

CMH: Cochran-Mantel-Haenszel Statistiek

Data in die selle is soos volg aangedui:

n = aantal respondente

% van ondersoekgroep

Op hierdie skaal is die chi-kwadraat 16,579 met $p > 0,05$ wat beteken dat daar geen statisties beduidende korrelasie tussen die twee stelle data is nie. Voorkeure vir T is op die MMTIC slegs 12,42% teenoor die 22,98% op die MMTIC-R. Voorkeure vir F is sterk op albei meetinstrumente: 61,49% op die MMTIC en 55,90% op die MMTI-R. Die U-bandkategorie dui 'n voorkeurverskuiwing vanaf 26,09% op die MMTIC tot 21,12% op die MMTIC-R.

5.2.2.3.4 Die frekwensieverspreiding van tellings op die JP Skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep

Tabel 5.14:

Frekwensieverspreiding van tellings op die JP Skale van die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep (U-bandkategorie ingesluit)

Vraelys		MMTIC-R			
	Skaal	J	U	P	Totaal
MMTIC	J	99 61,49	3 1,86	1 0,62	103 63,98%
	U	19 11,80	7 4,35	3 1,86	29 18,01%
	P	11 6,83	9 5,59	9 5,59	29 18,01%
Totaal		129	19	13	
%		80,12%	11,80%	8,07%	
CMH: 25,067					p = 0,472

J: Beoordelend

U: Ongespesifiseerd

P: Waarnemend

CMH: Cochran-Mantel-Haenzel Statistiek

Data in die selle is soos volg aangedui:

n = aantal respondente

% van ondersoekgroep

Die chi-kwadraat vir hierdie skaal is 25,067 met $p > 0,05$. Daar bestaan dus geen statisties beduidende korrelasie tussen die twee stelle resultate nie. Voorkeure vir J skaaltellings is oorheersend op albei instrumente, alhoewel minder oorheersend op die MMTIC (63,98% teenoor die 80,12% op die MMTIC-R). Die P skaal dui op 'n duidelike voorkeurverskuiwing vanaf 18,0% op die MMTIC na 8,07% op die MMTIC-R. Voorkeure op die U-bandkategorie dui op 'n verandering vanaf 18,01% op die MMTIC tot 11,8% op die MMTIC-R.

5.2.2.3.5 Samevatting

Die Pearson korrelasiekoëffisient dui op 'n statisties beduidende korrelasie tussen al vier skale op die MMTIC en MMTIC-R. Volgens die McNemar toets toon albei meetinstrumente uiteenlopende inligting op drie (EI, TF en JP) van die vier skale vir die ondersoekgroep. Hierdie drie skale meet

ten opsigte van hierdie ondersoekgroep dus verskillende konstrunkte op die twee meetinstrumente.

5.3 Beskrywende Statistiek van die MMTIC en MMTIC-R

5.3.1 Item-tot-skaalkorrelasies

In hierdie afdeling van die ondersoek word daar bepaal of die items met die skale waarvoor hulle oorspronklik ontwerp is korreleer. Die Spearman korrelasiekoëffisiënt, 'n variant van die Pearson korrelasiekoëffisiënt, word vir hierdie doeleinde toegepas aangesien die ondersoekgroep klein is.

5.3.1.1 Die MMTIC

Tabel 5.15 verskaf die hoogste en laagste waardes van die korrelasies, soos bereken vir elke item op elk van die vier skale vir die MMTIC.

Tabel 5.15:

Die hoogste en laagste waardes van die Item-tot-skaal Spearman Korrelasiekoëffisiënt per tipevoorkeurskaal vir die MMTIC

Skaal	Waardes
EI: (Ekstroversie-Introversie)	0,16 – 0,55
SN (Sintuiglik-Intuisie)	0,15 – 0,55
TF (Denke-Gevoel)	0,16 – 0,45
JP (Beoordelend-Waarnemend)	0,04 – 0,54

- **EI Skaal**

Die korrelasies tussen die items en die skaal varieer tussen 0,16 en 0,55. Item-tot-skaal-korrelasies is beduidend vir al die items ($p = 0,0001$) behalwe vir die volgende item wat statisties beduidend is op die $p < 0,05$ peil: item 1 ($p = 0,0178$); item 9 ($p = 0,0031$); item 52 ($p = 0,0042$); item 66 ($p = 0,0347$) en item 70 ($p = 0,0348$).

- **SN skaal**

Die korrelasies tussen die item en die skaal varieer tussen 0,15 en 0,55. Die item-tot-skaal-korrelasies is beduidend vir die meeste items ($p = 0,0001$) behalwe vir die volgende items wat op die $p < 0,05$ peil beduidend is: item 5 ($p = 0,0035$); item 26 ($p = 0,0536$); item 30 ($p = 0,0050$) en item 44 ($p = 0,0057$). Op die SN skaal toon item 22 ("When you think about a trip, you think about a trip to a: A. Real place, N. Pretend place") 'n groter korrelasie met die JP skaal ($r = 0,13310$), en item 50 ("You would rather tell what: A. Really happened, B. Could have happened") 'n groter korrelasie met die TF skaal ($r = 0,16847$). Albei items behoort verder ondersoek te word.

- **TF skaal**

Die korrelasies tussen die items en die skaal varieer tussen 0,16 – 0,45. Item-tot-skaal-korrelasies is beduidend vir die meerderheid van die items ($p = 0,0001$) behalwe vir die volgende items wat op die $p < 0,05$ peil beduidend is: item 11 ($p = 0,0178$) en item 29 ($p = 0,0019$). Op die TF skaal toon item 4 ("You prefer to: A. Know about things, B. Care about things") 'n groter korrelasie met die SN skaal ($r = 0,20393$). Item 25 ("You like a: A. Straight line, B. Zigzag/curly line"), item 36 ("Your friend is too fat to make the team. Would you: A. Tell your friend that he or she is too fat, B. Make up another reason"), item 61 ("You like to get people: A. Organized to do the job, B. Excited about doing the job") en item 67 ("If you had a party, you would: A. Plan things, B. Hope everyone had a good time") dui elk op 'n groter korrelasie met die JP skaal en behoort verder ondersoek te word.

- **JP skaal**

Die korrelasies tussen die items en die skaal varieer tussen 0,04 – 0,54. Item-tot-skaal-korrelasies is beduidend vir die meeste items ($p = 0,0001$) behalwe vir die volgende items wat op die $p < 0,05$ peil beduidend is: item 19 ($p = 0,037$); item 41 ($p = 0,0111$); item 47 ($p = 0,0011$); item 48 ($p = 0,0722$); item 49 ($p = 0,0032$) en item 51 ($p = 0,0063$). Op die JP skaal toon item 33 ("You like teachers to: A. Tell you what to do next, B. Play first, but get the work done") en item 62 ("People should: A. Work first, then play. B. Play first, but get the work done") 'n groter korrelasie met die SN skaal en behoort verder ondersoek te word.

5.3.1.2 Die MMTIC-R

Tabel 5.16 verskaf die hoogste en laagste waardes van die korrelasies soos bewerk vir elke item op elk van die skale vir die MMTIC-R

Tabel 5.16:

Die hoogste en laagste waardes van die Item-tot-skaal Spearman Korrelasiekoëffisiënt per tipe voorkeur vir die MMTIC-R

Skaal	Waardes
EI (Ekstroversie-Introversie)	0,13 – 0,61
SN (Sintuiglik-Intuisie)	0,16 – 0,51
TF (Denke-Gevoel)	0,09 – 0,63
JP (Beoordelend-Waarnemend)	0,11 – 0,64

- **EI skaal**

Die korrelasies tussen die items en die skaal varieer tussen 0,13 – 0,61. Item-tot-skaal-korrelasies is beduidend vir 10 van die 24 items op die 0,0001 peil en 9 van die 24 op die 0,05 peil. Op die EI skaal toon item 6 ($r = 0,08041$) (“You like talking to: A. Lots of people, B. Only close friends”) en item 85 ($r = 0,6149$) (“Choose the word you like best: A. Tell, B. Listen”) ’n groter korrelasie met die TF skaal, terwyl item 48 ($r = 0,13569$) (“When you are hurt or angry: A. Talking with someone right away helps, B. Talking with someone later is better”) ’n groter korrelasie met die JP skaal ($r = 0,21424$) toon. Hierdie drie items behoort verder ondersoek te word.

- **SN skaal**

Die korrelasies tussen die items en die skaal varieer tussen 0,16 – 0,51. Item-tot-skaal-korrelasies is beduidend vir die meeste items ($p = 0,0001$) behalwe items 20 ($p = 0,0034$) en 78 ($p = 0,0403$) wat beduidend is op die $p < 0,05$ peil. Op die SN skaal toon item 15 (“Choose one. Both are good: A. a.. b..c..d..e..f..g..h..l, B. K..T..S..*..@..M..P..#..K”) en item 27 (“If you needed a toy rocket for your game, you would: A. Try to find one, B. Invent one or make one”) ’n groter korrelasie met die TF skaal (15: $r = 0,28375$ en 27: $r = 0,27869$) en verg dus verdere ondersoek.

- **TF skaal**

Die korrelasies tussen die item en die skaal varieer tussen 0,09 – 0,63. Item-tot-skaalkorrelasies is beduidend vir meeste items ($p = 0,0001$) behalwe vir die volgende item wat beduidend is op die $p < 0,05$ peil: item 34 ($p = 0,0027$); item 39 ($p = 0,0534$); item 39 ($p = 0,0534$) item 65 ($p = 0,0660$) en item 94 ($p = 0,0023$). Op die TF skaal toon item 41 (“Choose the word you like best: A. Success, B. Family”) en item 76 (“Choose the word you like best: A. Think, B. Feel”) ’n groter korrelasie met die JP skaal (41: $r = -0,1117$ en 76: $r = 0,28559$) en verg verdere ondersoek.

- **JP skaal**

Die korrelasies tussen die items en die skaal varieer tussen 0,11 – 0,64. Item-tot-skaal-korrelasies is beduidend vir meeste items ($p = 0,0001$) behalwe vir die volgende items wat beduidend is op die $p < 0,05$ peil: item 47 ($p = 0,0084$); item 75 ($p = 0,0247$); item 61 ($p = 0,0018$) en item 92 ($p = 0,0318$). Op die JP skaal toon item 62 (“Choose the word you like best: A. Sooner, B. Later”) en item 103 (“Choose the word you like best: A. Known, B. Unknown”) ’n groter korrelasie met die TF skaal (62: $r = -0,18745$ en 103: $r = 0,13984$).

5.3.1.3 Samevatting

Die items het oor die algemeen goed met die skale waarvoor hulle ontwerp is, gekorreleer. Die meerderheid van die items is statisties beduidend op die 1% en 5% peil. Op die MMTIC toon items 4, 22, 25, 33, 36, 50 en 62, 'n sterker korrelasie met ander skale as dié waarvoor hulle ontwerp is. Op die MMTIC-R toon items 6, 15, 27, 41, 48, 62, 76, 85 en 103 'n sterker korrelasie met ander skale as die waarvoor hulle ontwerp is. In meeste gevalle het SN items met TF skale, TF items met JP skale en JP items met TF skale gekorreleer.

5.3.2 Voorkeurskaal interkorrelasies van die MMTIC en MMTIC-R

5.3.2.1 Inleiding

Skaalinterkorrelasies moet laag wees indien skale as onafhanklik beskou kan word, en dus bepaalde konstrunkte meet. Die Pearson produkmoment-korrelasiekoëffisiënt is gebruik om die skaalinterkorrelasies vir hierdie twee meetinstrumente afsonderlik te bereken. Dit is belangrik om in ag te neem dat selfs 'n swak korrelasie steeds statisties beduidend kan wees. Die skaalinterkorrelasie van die MMTIC en die MMTIC-R word in Tabel 5.17 en Tabel 5.18 weergegee.

5.3.2.2 Voorkeurskaal interkorrelasies op die MMTIC

Tabel 5.17:
Interkorrelasies van die voorkeurtellings op die MMTIC

Skaal		EI	SN	TF	JP
EI	r	1,0	0,15990	-0,12674	-0,024
	p	0,0	0,042	0,108	0,759
SN	r	0,1599	1,0	0,19	0,3368
	p	0,042	0,0	0,013	0,0001
TF	r	-0,1267	0,194	1,0	0,237
	p	0,108	0,013	0,0	0,002
JP	r	-0,024	0,3368	0,237	1,0
	p	0,759	0,0001	0,002	0,0

EI: Ekstroversie-Introversie

SN: Sintuiglik-Intuïsie

r : Pearson-korrelasiekoëffisiënt

TF: Denke-Gevoel

JP: Beoordelend-Waarnemend

Statisties beduidende korrelasies is gevind tussen slegs die SN en JP skale van die MMTIC. Geen statisties beduidende korrelasies is egter gevind tussen die EI en SN skale, EI en TF; EI en JP; SN en TF; TF en JP skale nie, wat daarop dui dat hierdie skale onafhanklik van mekaar is en dus verskillende konstrunkte meet.

5.3.2.3 Voorkeurskaal-interkorrelasies op die MMTIC-R

Tabel 5.18:
Interkorrelasies van die voorkeurtellings op die MMTIC-R

Skaal		EI	SN	TF	JP
EI	r	1,0	0,1289	-0,240	0,0362
	p	0,0	0,104	0,762	0,648
SN	r	0,1289	1,0	0,383	0,485
	p	1,104	0,0	0,0001	0,0001
TF	r	-0,024	0,3835	1,0	0,282
	p	0,762	0,0001	0,0	0,0003
JP	r	0,036	0,485	0,282	1,0
	p	0,648	0,0001	0,0003	0,0

EI: Ekstroversie-Introversie

TF: Denke-Gevoel

SN: Sintuiglik-Intuïsie

JP: Beoordelend-Waarnemend

r: Pearson-korrelasiekoëffisiënt

Statisties beduidende korrelasies is gevind tussen die SN en TF skale asook die SN en JP skale. Geen statisties beduidende korrelasies is egter tussen die EI en SN; EI en TF; EI en JP; en TF en JP skale gevind nie, wat daarop dui dat hierdie skale onafhanklik van mekaar is en dus verskillende konstrakte meet.

5.3.2.4 Samevatting

Skaalinterkorrelasies is vir albei meetinstrumente statisties beduidend op die volgende skale: SN en JP skale op die MMTIC; SN en TF en SN en JP skale op die MMTIC-R. Vir die res van die skale is geen interkorrelasies gevind nie. Op die MMTIC is geen interkorrelasies tussen die EI en SN, EI en TF, EI en JP, SN en TF, TF en JP skale gevind nie en op die MMTIC-R is geen interkorrelasies tussen die EI en SN, EI en TF, EI en JP, TF en JP skale gevind nie. Hierdie skale word daarom as onafhanklik van mekaar beskou en meet dus nie dieselfde konstrakte nie.

5.3.3 Gemiddelde en Standaardafwykings

Die gemiddelde telling en standaardafwyking van elk van die vier skale van die MMTIC en die MMTIC-R word weergegee in Tabel 5.19.

Tabel 5.19
Gemiddelde en standaardafwykings vir elk van die vier skale op die MMTIC en MMTIC-R

Skaal	MMTIC		MMTIC-R	
	Gemiddelde	S	Gemiddelde	S
EI:	47,320988	5,427849	42,304348	4,930826
SN	61,135802	6,397307	59,543750	7,660112
TF	68,543210	6,114943	57,291925	6,610257
JP	61,401235	7,163971	54,981366	7,726959

EI: Ekstroversie-Introversie

TF: Denke-Gevoel

SN: Sintuiglik-Intuïsie

JP: Beoordelend-Waarnemend

s: Standaard afwyking

Die resultate dui daarop dat daar op albei meetinstrumente geen beduidende afwykings van die gemiddeldes is nie.

5.3.4 Faktorontleding

Die rotasie metode "Varimax" is toegepas om faktorladings vir elk van die vier skale te bepaal, en sodoende die konstrugeldigheid van die MMTIC en MMTIC-R aan te dui. Die faktorladings word in Tabel 5.20 en Tabel 5.21 weergegee.

Tabel 5.20:
Ladings op die vier faktore van die MMTIC

Skale	Faktore			
	F1	F2	F3	F3
EI	5	4	7	8
SN	5	5	10	3
TF	12	6	9	3
JP	4	12	6	6

EI: Ekstroversie-Introversie
TF: Denke-Gevoel

SN: Sintuiglik-Intuïsie
JP: Beoordelend-Waarnemend

Faktorladings varieer tussen $-0,12$ en $0,58$ op die MMTIC. Slegs drie uit die 70 items het onder die afsnypunt $0,2$ gelaai, terwyl 30 uit die 70 items ($42,86\%$) op meer as een faktor gelaai het. Volgens Tabel 5.20 is items vir al vier skale versprei oor al vier faktore, dus het items nie aansienlik hoër gelaai op bepaalde faktore nie, en is dit derhalwe nie moontlik om die konstrugeldigheid van die MMTIC te bepaal nie.

Tabel 5.21:
Ladings op die vier faktore van die MMTIC-R

Skale	Faktore			
	F1	F2	F3	F4
EI	3	2	16	7
SN	15	8	6	6
TF	4	20	1	0
JP	20	2	2	6

EI: Ekstroversie-Introversie
TF: Denke-Gevoel

SN: Sintuiglik-Intuïsie
JP: Beoordelend-Waarnemend

Faktorladings van die items op die MMTIC-R varieer tussen 0,10 en 0,68. Twaalf uit die 103 items het onder die 0,2 afsnypunt gelaai, terwyl slegs 24 uit die 103 items (23,30%) op meer as een faktor gelaai het. Volgens Tabel 5.21 het items vir die vier skale in die geval aansienlik hoër gelaai op bepaalde faktore: EI items het hoog op Faktor 3 gelaai, TF items op Faktor 2 en JP items op Faktor 1. Alhoewel die SN items hoog gelaai het op Faktor 1, het dit ook relatief hoog gelaai op Faktor 2, Faktor 3, asook Faktor 4.

Dit kom dus voor of konstrugeldigheid wél vir die EI, TF en JP skale bepaal kan word wat beteken dat die MMTIC-R daarin slaag om bepaalde konstrukte met hierdie drie skale te meet.

5.3.5 Interne konstantheid van die MMTIC en MMTIC-R

Om die interne konstantheid van die MMTIC en MMTIC-R te bepaal is die Cronbach alpha koëffisiënt uitgevoer. 'n Betroubaarheidswaarde van 0,628 is verkry vir die MMTIC, wat 'n aanvaarbare vlak van interne konstantheid aandui. Die waarde verkry vir die MMTIC-R is 0,811679, wat 'n aansienlik hoër vlak van interne konstantheid as die MMTIC aandui.

5.4 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Die bevindinge van hierdie ondersoek dui daarop dat die MMTIC en MMTIC-R in verskeie areas dieselfde resultate opgelewer het. Die Pearson korrelasiekoëffisiënt het getoon dat daar 'n statisties beduidende korrelasie tussen al vier afsonderlike skale op die twee meetinstrumente was. Die McNemar-toets wat meer sensitief vir korrelasies is as die Pearson korrelasiekoëffisiënt, het egter getoon dat daar op slegs een van die vier skale 'n statisties beduidende korrelasie op die twee meetinstrumente was.

Item-tot-skaalinterkorrelasies was laag en vir die SN en JP skale op die MMTIC, en vir die SN en TF, asook die SN en JP skale op die MMTIC-R statisties beduidend. Die meerderheid van die skale was egter onafhanklik van mekaar en meet dus verskillende konstrukte. Daar was geen beduidende afwykings van gemiddeldes op albei meetinstrumente nie. Konstrugeldigheid was op slegs drie van die vier skale op die MMTIC-R duidelik, terwyl interne konstantheid vir albei meetinstrumente aanvaarbaar was, alhoewel aansienlik hoër in die geval van die MMTIC-R.

Die implikasies van hierdie bevindinge word in die volgende hoofstuk bespreek.

HOOFSTUK 6

BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS, IMPLIKASIES EN AANBEVELINGS

6.1 BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS

6.1.1 Inleiding

Die bevindinge van hierdie ondersoek dui daarop dat die MMTIC en MMTIC-R dieselfde aspekte meet ten opsigte van persoonlikheidstipes, persoonlikheidstipevoorkeure, temperamentstipe, funksie- en houdingspaarvoorkeure. Die bevindinge toon egter ook dat daar 'n statisties beduidende verband op slegs een van die afsonderlike vier skale op die twee meetinstrumente is, wat verder ondersoek behoort te word. Volgens die bevindinge van die beskrywende statistiek korreleer items goed met die skale waarvoor hulle ontwerp is, en is die meerderheid van die skale onafhanklik en meet dus verskillende konstrunkte. Aangesien die MMTIC-R steeds in 'n proses van ondersoek is, behoort hierdie bevindinge oorweeg te word, maar met versigtigheid hanteer te word.

6.1.2 Vergelyking van persoonlikheidstipes op die MMTIC en MMTIC-R soos aangedui deur die ondersoekgroep

Die persoonlikheidstipes wat as voorkeure (U-bandkategorie uitgesluit) deur die ondersoekgroep aangedui is, is ESFJ, ISFJ en ESFP op die MMTIC, en ESFJ, ESTJ, ISFJ en ISTJ op die MMTIC-R. Die oorheersende persoonlikheidstipevoorkeur (U-bandkategorie ingesluit) is op albei meetinstrumente ESFJ gevolg deur ESUJ, USFJ en EUFJ op die MMTIC, en ESTJ, USFJ en ISFJ op die MMTIC-R.

Op die MMTIC was slegs 75 (46,29%) en op die MMTIC-R 81 (50,2%) van die respondente in die ondersoekgroep daartoe in staat om hulle voorkeure op ten minste drie van die vier skale te rapporteer. 'n Groot aantal respondente is op albei meetinstrumente binne die U-bandkategorie geplaas. Dit mag daarop dui dat hierdie voorkeure by leerders in 'n proses van ontwikkeling is en daarom kan daar nog nie afleidings in terme van hul totale persoonlikheidsfunksionering gemaak word nie.

6.1.3 Vergelyking van voorkeure vir temperamentstipe, funksie- en houdingspare op die MMTIC en MMTIC-R vir die ondersoekgroep

Die SJ temperamentstipe is deur die ondersoekgroep op albei meetinstrumente as voorkeur aangedui. Voorkeure vir die funksiepare SF gevolg deur ST is oorheersend op beide die MMTIC en MMTIC-R, en respondente het op die MMTIC EJ as houdingspaarvoorkeur aangedui, terwyl hulle EJ en IJ as houdingspaarvoorkeure op die MMTIC-R aangedui het.

6.1.4 Vergelyking van response van die ondersoekgroep op die skale afsonderlik (U-bandkategorie ingesluit) op die MMTIC en MMTIC-R

Volgens die McNemar toets bestaan daar 'n statisties beduidende verband op slegs een (SN) van die vier skale op die twee meetinstrumente. Die EI, TF en JP skale toon egter uiteenlopende inligting wat impliseer dat hierdie drie skale ten opsigte van hierdie ondersoekgroep, nie dieselfde konstrunkte op die twee meetinstrumente meet nie. Hierdie aspek behoort verder nagevors te word.

6.1.5 Geldigheid van die MMTIC en MMTIC-R

Konstruktugeldigheid deur middel van faktorladings kon slegs vir drie van die vier skale van die MMTIC-R bepaal word, maar nie vir enige van die skale van die MMTIC nie.

6.1.6 Betroubaarheid van die MMTIC en MMTIC-R

Die Cronbach alpha koëffisiënt het 'n aanvaarbare vlak van interne konstantheid vir albei die meetinstrumente getoon, wat daarop dui dat beide die MMTIC en MMTIC-R met vrymoedigheid met tweedetaalleeders gebruik kan word.

6.1.7 Beskrywende statistiek van die MMTIC en MMTIC-R

Addisionele beskrywende statistiek is ook toegepas en het gunstige resultate gelewer. Skaal-interkorrelasies het getoon dat die meerderheid skale onafhanklik is en dus verskillende konstrunkte meet. Item-tot-skaalkorrelasies het aangedui dat die items op albei meetinstrumente goed met die skale waarvoor hulle ontwerp is, gekorreleer het. Wat

beskrywende statistiek dus betref, bevestig hierdie resultate dat die MMTIC en MMTIC-R met vrymoedigheid met tweedetaalleerders gebruik kan word.

6.1.8 Samevatting

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is i) resultate wat die ondersoekgroep beskryf, en ii) resultate wat die meetinstrumente beskryf, vergelyk. 'n Vergelyking van die eerste stel inligting dui daarop dat die MMTIC en MMTIC-R ten opsigte van persoonlikheidstipes, persoonlikheidstipevoorkeure, temperamentstipes, funksie- en houdingspaarvoorkeure, dieselfde resultate opgelewer het vir die ondersoekgroep. Resultate op drie van die vier afsonderlike skale het egter uiteenlopende inligting vir die ondersoekgroep gelewer wat daarop dui dat hierdie drie skale nie dieselfde konstrakte op die twee meetinstrumente meet nie, en hoort verder nagevors te word. Die tweede stel resultate het getoon dat die MMTIC en MMTIC-R tegnies aan die statistiese vereistes van 'n goeie meetinstrument voldoen en dus met vrymoedigheid op tweedetaalleerders toegepas kan word.

6.2 OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES

6.2.1 Inleiding

Die mees waardevolle toepassing van tipe-teorie waarop die MMTIC en MMTIC-R gebaseer is, lê op die opvoedkundige vlak binne skoolkonteks. Deur 'n leerder se persoonlikheidstipe te identifiseer, is dit moontlik om begrip te hê vir sy funksionering binne die klaskonteks. Hierdie inligting stel die opvoeder in staat om die leerder se onderwysbehoefte te bepaal en op relevante wyse aan te spreek.

Volgens Meisgeier & Meisgeier (1989: 10) begin hierdie proses by die opvoeder wat vertrou raak met die teorie deur die identifisering van sy eie persoonlikheidstipe. Dit lei tot 'n bewuswording van sy prioriteite, metode van onderrig, strukturering van onderrigmateriaal, en wyse van dissiplinerig en prys, wat aangepas kan word om elke leerder in sy klas te akkommodeer volgens sy/haar persoonlikheidstipe. Tipe-onderrig impliseer dus nie dat die opvoeder as persoon verander nie, maar " . . . that (he) remains true to (his) own preference . . . (and) . . . simply expand . . . (his) repertoire." (Meisgeier, Murphy & Meisgeier, 1989: 7).

6.2.2 Voorsiening van tipe-onderrig vir die persoonlikheidstipevoorkeur soos deur die ondersoekgroep aangedui in hierdie ondersoek

6.2.2.1 Oorheersende persoonlikheidstipe en die opvoedkundige praktyk

Die persoonlikheidstipe ESFJ is in hierdie ondersoek op beide die MMTIC en MMTIC-R as die oorheersende persoonlikheidstipe voorkeur aangedui. Dit is daarom belangrik dat opvoeders kennis neem en voorsorg tref in hul voorbereiding ten opsigte van studiemateriaal, strukturering van materiaal en aanbiedingsmetode.

ESFJ's word beskryf as vriendelik, hulpvaardig en gehoorsaam. Hulle floreer in 'n gestruktureerde omgewing en daarom hou hulle daarvan om presies ingelig te wees oor wat van hulle verwag word. Hulle stel nie veel belang in abstrakte teorieë nie en verkies om oor die praktiese toepassing van studiemateriaal ingelig te word. ESFJ's los probleme op en genereer idees deur te debatteer, maar is geneig om weggevoer te raak, wat verhoed dat hulle tot die punt kom. Dit is vir hulle belangrik dat hul werk gemonitor en geprys word. ESFJ's, soos reeds na verwys is, hou daarvan om te praat, en soms uit hul beurt. Hulle besit ook die vermoë om 'n klas te ontstig en die effektiefste manier van dissiplinerig sou wees om hulle in 'n een-tot-een-situasie te wys op aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag (Fairhurst & Fairhurst, 1995: 165-169; Neff, 1995: 24-25, 103).

Vervolgens word algemene klaskamertegniese, soos deur Meisgeier (1989: 3-5) en Meisgeier, Murphy & Meisgeier (1989: 10 -16) voorgestel, vir ESFJ's bespreek.

Vir ekstroversiewe leerders: Leerders met 'n ekstroversiewe voorkeur hou van take wat groepwerk verg. Hulle is geneig om hardop te dink en opinies te lig soos wat hulle dit vorm. Hulle is dus soms impulsief en het tyd nodig om te reflekteer. Aangesien hulle beter leer as hulle studiemateriaal herhaaldelik hanteer, is dit belangrik dat hulle nuwe konsepte verskeie kere bespreek en toepas. Ekstroversiewe leerders se aandag kan maklik afgelei word en daar behoort so min as moontlik steurnisse binne die klas te wees, veral as die werk konsentrasie verg.

Vir sintuiglike leerders: Leerders met 'n sintuiglike voorkeur leer deur hul sintuie, dus deur materiaal fisies te hanteer. Hulle leef in die hede en leer deur wesenlike voorbeelde. Om

hierdie leerders se aandag te trek en behou, behoort opvoeders van oudiovisuele hulpmiddels soos video's, modelle of mikroskope gebruik te maak om aanbiedings so interessant as moontlik te maak. Hulle hou daarvan om feite te memoriseer en in 'n vak soos Geskiedenis is dit belangrik om vir sintuiglike leerders die feite puntsgewys aan te bied.

Vir *gevoelleerders*: Leerders met 'n gevoelvoorkeur is geneig om altyd ander se gevoelens en waardes in ag te neem. Hulle probeer altyd om ander te verstaan en om sover as moontlik argumente te vermy. Gevoelleerders floreer op aanmoediging. Dit is vir hulle belangrik om individuele aandag en erkenning te kry. Hierdie leerders leer op hul beste in groepsverband. Hulle behoort dus altyd 'n kans gegun te word om woordeskat en wiskundige konsepte saam met ander te oefen. Gevoelleerders lewer hul beste as hul moeite, idees en prestasies erken en geprys word.

Vir *beoordelende leerders*: Tydsbesteding en strukturering is van kardinale belang vir hierdie leerders. Hulle verkies om volgens skedules en roetine te werk. Instruksies moet altyd duidelik gestipuleer word, dus is dit vir hulle belangrik om presies te weet wat van hulle verwag word. Aangesien hierdie leerders staatmaak op konsekwentheid en voorspelbaarheid is dit belangrik dat hulle lank voor die tyd op enige moontlike veranderings in die klas of studiemateriaal voorberei word.

6.2.2.2 Die oorheersende temperamentstipe, funksie- en houdingpare en die opvoedkundige praktyk

Die SJ temperamentstipe is deur die ondersoekgroep op albei meetinstrumente as voorkeur aangedui. Voorkeure vir die funksiepare SF gevolg deur ST is oorheersend op beide die MMTIC en MMTIC-R en respondente het op die MMTIC EJ as houdingpaarvoorkeur aangedui, terwyl hulle EJ en IJ as houdingspaarvoorkeure op die MMTIC-R aangedui het. Vervolgens word die opvoedkundige implikasies van elk afsonderlik bespreek.

Volgens Neff (1995: 111) is temperamentstipes belangrik omdat dit lig werp op die leerstyle van leerders. Die SJ temperamentstipe wat as voorkeur deur die ondersoekgroep op albei meetinstrumente aangedui is, word verwys na as die roetineleerder. SJ 's is konsensieus en verantwoordelik. Hulle floreer op struktuur en voorspelbaarheid. SJ's kan goed memoriseer

en is geneig om goeie studiegewoontes te kweek. Hulle leer op hul beste as studiemateriaal stap vir stap aangebied word en hulle genoeg tyd gegun word om te beplan en voor te berei.

Die funksiepare is belangrik omdat dit bepaal waarop 'n leerder geneig sal wees om sy/haar aandag te fokus (Briggs Myers, 1993: 27; Brownswood, 1988: 23), wat hom/haar dus sal interesseer in terme van studiemateriaal. Hierdie aspek is belangrik aangesien dit leerders aanmoedig om te werk en presteer. Voorkeure vir die funksiepare SF gevolg deur ST was oorheersend op albei die meetinstrumente.

SF (sintuiglik en gevoel): Hierdie leerders is simpatiek teenoor ander en menswaardes is daarom belangrik vir hulle. Studiemateriaal wat dus oor mense en dienslewering gaan, interesseer SF's. Hulle verkies en is entoesiasies oor groepwerk.

ST (sintuiglik en denke): Hierdie leerders is geneig om prakties en analities te wees. Hulle hou dus daarvan om tegniese vaardighede toe te pas, en leer die beste as studiemateriaal fisies hanteer word.

Houdingspare verwys na hoe 'n persoon deur ander ervaar word. Hierdie persepsie word deur middel van veral die persoon se kommunikasiestyl afgelei en gevorm. Hierdie kommunikasiestyle verskaf volgens Brownswood (1988) ook waardevolle inligting ten opsigte van leerstyle. In hierdie ondersoek is die houdingspaar EJ deur respondente in die ondersoekgroep op beide meetinstrumente as voorkeur aangedui. Leerders met hierdie houdingspaar heet ferm ekstroverte. EJ's is selfversekerd en neem maklik besluite. Hulle is gewoonlik die persone in 'n groep wat dinge laat gebeur. EJ's hou daarvan om probleme op te los deur daarvoor te gesels.

6.2.2.3 Samevatting

Die persoonlikheidstipes, temperamentstipe, funksie- en houdingspaarvoorkeure help die opvoeder om insig in en begrip vir elk van sy leerders se funksionering binne sy klas te verkry. Hierdie inligting sluit in:

- i) waarop die leerder neig om sy energie te fokus,
- ii) hoe die leerder inligting waarneem,

- iii) op watter wyse die leerder besluite maak en oordele fel,
- iv) hoe die leerder hom ten opsigte van sy eksterne wêreld oriënteer, asook
- v) die leerder se leer- en kommunikasiestyle.

Deur middel hiervan is die opvoeder in staat om voorsorg te tref in sy voorbereiding ten opsigte van studiemateriaal, strukturering van hierdie materiaal en sy aanbiedingsmetode.

6.3 LEEMTES IN DIE ONDERSOEK

- Die ondersoekgroep was beperk tot 'n spesifieke taalgroep binne 'n bepaalde konteks en dus nie verteenwoordigend van alle tweedetaalleerders uit ander taalgroepe in Suid-Afrika nie.
- Die tydsduur van die afneem van die MMTIC-R was vermoeiend, veral vir die jonger leerders, wat moontlik hul response negatief kon beïnvloed het.
- Taal mag moontlik ook 'n invloed op die response van die ondersoekgroep gehad het aangesien Engels nie hul moedertaal is nie.
- Alhoewel geslag en ouderdom in berekening gebring is met die samestelling van die ondersoekgroep, is dit egter nie vir statistiese doeleindes nie in ag geneem nie omdat die ondersoekgroep klein was.
- Die tydsverloop tussen die afneem van die twee meetinstrumente was twee weke, en daar is 'n moontlikheid dat oordrag kon plaasvind en die ondersoekresultate dus beïnvloed kon word.

6.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

- Die MMTIC hoort verder nagevors te word veral ten opsigte van jonger leerders binne 'n multitalige, diverse kulturele Suid Afrikaanse konteks.
- Die taalgebruik in hierdie meetinstrumente behoort hersien te word ten einde dit meer geskik vir die Suid-Afrikaanse verbruiker te maak.

- Die tweedetaalleerders in hierdie ondersoek is uit 'n bepaalde geografiese en sosio-ekonomiese gebied geselekteer en kan dus nie as verteenwoordigend van die wyer populasie beskou word nie. In 'n poging om resultate veralgemeenbaar te verklaar, sou 'n breër geografiese gebied sowel as sosio-ekonomiese omstandighede as veranderlikes ondersoek kon word.
- Die navorsing behoort nie slegs op een bepaalde groep tweedetaalleerders te fokus nie, aangesien tweedetaalleerders binne die Suid-Afrikaanse konteks oor 11 verskillende taal- en kulturele groepe strek.

6.5 SLOTPERSPEKTIEF

Die toepassingsmoontlikhede en praktiese implikasies van die MMTIC is wyd, veral binne 'n onderwysstelsel Kurrikulum 2005. Die MMTIC verskaf toegang tot leerders se persoonlikheidsfunksionering wat dit moontlik maak om hul skolastiese behoeftes te bepaal en op relevante wyse aan te spreek.

Die MMTIC is reeds vir meer as 'n dekade in die VSA in gebruik en in 'n poging om hierdie meetinstrument meer tydrelevant en universeel bruikbaar te maak, oor kultuurgrense heen, is die samestellers in 'n proses om 'n hersiene weergawe (MMTIC-R) te ontwikkel.

In hierdie ondersoek, wat deel uitmaak van die proefloop van die MMTIC-R, is daar 'n vergelyking tussen die resultate van die MMTIC en MMTIC-R op 'n groep Xhosa sprekers in 'n Engelsmedium laerskool, gedoen. Die resultate dui daarop dat beide meetinstrumente dieselfde aspekte meet ten opsigte van persoonlikheidstipe, persoonlikheidstipevoorkeure, temperamentstipe, funksie- en houdingspaarvoorkeure. Daar is egter tussen slegs op een van die vier afsonderlike skale 'n duidelike verband op die twee meetinstrumente, wat verder ondersoek behoort te word. Resultate vir die beskrywende statistiek toon dat beide die MMTIC en MMTIC-R aan die statistiese vereistes van 'n meetinstrument voldoen en kan dus met vrymoedigheid met tweedetaalleerders gebruik word.

Die resultate van hierdie ondersoek word in aanmerking geneem in die ontwikkelingsproses van die MMTIC-R, 'n meetinstrument wat deur middel van die identifisering van hul

persoonlikheidstipe aan leerders die geleentheid bied om binne skoolverband tot die beste van hul vermoëns te ontwikkel en te presteer.

BRONNELYS

- Briggs-Myers, I. (1993). *Introduction to Type*. Palo Alto, Consulting Psychologists Press, Inc.
- Brooke, R. (1991). *Jung and phenomenology*. London: Routledge.
- Brownsword, A.W. (1988). *Psychological type: an introduction*. San Anselmo: Human Resources Management Press, Inc.
- Department of Education: Policy Document. (1994). Cape Town
- Du Toit, J.M. (1985). *Statistiese metodes*. Stellenbosch: Kosmo Uitgewery Edms Bpk.
- Fairhurst, A.M. & Fairhurst, L.L. (1995). *Effective teaching, effective learning*. Palo Alto: Davies-Black Publishing.
- Fordham, F. (1953). *An introduction to Jung's psychology*. Bungay: Richard Clay & Company, Ltd.
- Fourqurean, J., Meisgeier, C. & Swank, P. (1988). The Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children: exploring the link between psychological type preference of children and academic achievement. *Journal of Psychological Type*, 16, 42-46.
- Gouws, L.A., Louw, D.A., Meyer, W.F. & Plug, C. (1979). *Psigologie-woordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.
- Huysamen, G.K. (1993). *Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe*. Halfweghuis: International Thomson Publishing Bpk.
- Jung, C.G. (1928). *Contributions to Analytical Psychology*. New York: Brace & Company.
- Jung, C.G. (1960). *The collected works of C.G. Jung: The structure and dynamics of the psyche*. (Volume 8). London: Routledge & Kegan Paul.
- Jung, C.G., Von Franz, M.L., Henderson, J.L., Jacobi, J. & Jaffe', A. (1978). *Man and his Symbols*. London: Macmillan Publishers Ltd.
- Kaplan, R.M. (1987). *Basic Statistics for the Behavioral Sciences*. Massachusetts: Allyn and Bacon, Inc.
- Lawrence, G. (1993). *People types & tiger stripes*. Gainesville: Center for the Application of Psychological Type, Inc.
- Lehman, R.S. (1991). *Statistics and Research Design in the Behavioral Sciences*. California: Wadsworth Publishing Company.

- Martin, C.R. (1995). *Looking at type and careers*. Gainesville: Center for the Application of Psychological Type, Inc.
- Meisgeier, C. & Murphy, E. (1987). *Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children: Manual*. Palo Alto: Consulting Psychologists' Press.
- Meisgeier, C., Murphy, E. & Meisgeier, C. (1989). *A teacher's guide to type: a new perspective on individual differences in the classroom*. Palo Alto: Consulting Psychologists' Press.
- Meisgeier, C., Murphy, E. & Swank, P. (1987). The development of the Murphy-Meisgeier Type Indicator for Children. *Journal of Psychological Type*, 13: 15-22.
- Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. (1989). *Persoonlikheidsteorieë: van Freud tot Frankl*. Isando: Lexicon.
- Möller, A.T. (1993). *Perspektiewe oor persoonlikheid*. Durban: Butterworth.
- Murphy, E. (1992). *The developing child*. Palo Alto: CPP Books.
- Myers, I.B. & McCaulley, M.H. (1987). *Manual: a guide to the development and use of the Myers-Briggs Type Indicator*. California: Consulting Psychologists' Press.
- Myers, I.B. & Myers, P.B. (1986). *Gifts Differing*. Palo Alto: Consulting Psychologists' Press.
- Myers, I.B. (1993). *Introduction to type (5th ed.)*. Palo Alto: Consulting Psychologists' Press.
- Neff, L. (1995). *One of a kind*. Gainesville: CAPT.
- Quenk, N.L. (1996). *In the grip: our hidden personality*. Palo Alto: Consulting Psychologists' Press.
- Quenk, N.L. (1997). *In the grip*. Werkswinkel te Universiteit van Stellenbosch, April 1997.
- Sharp, D. (1987). *Personality types: Jung's model of typology*. Toronto: Inner City Books.
- Singer, J. (1995). *Boundaries of the soul: the practice of Jung's psychology*. Dorset: Prism Press.
- Stevens, A. (1990). *On Jung*. London: Routledge.
- Van Heerden, A.E. (1996). *'n Kruiskulturele toepassing van die Murphy-Meisgeier Persoonlikheidsvraelys vir Kinders*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- Van Heerden, A.E. (1997). *When personality types come together: dealing with diversity*. Werkswinkel: 3, 4 & 5 April: Universiteit van Stellenbosch.

- Van Niekerk, E. (1996). *Paradigms of mind: personality perspectives in context*. Halfway House: International Thomson Publishing Ltd.
- Van Rooyen, J. & De Beer, J. (1995). *Myers-Briggs type indicator manual (3rd ed.)*. Johannesburg: Consulting Psychologists' Press, Inc.

